

# Studiebrief 101/3/2018

Genre en tema

**AFK2601**

Semester 1 en 2

Departement Afrikaans en Algemene  
Literatuurwetenskap

Hierdie studiebrief bevat belangrike inligting oor u module.

STAAFKODE

# INHOUD

*Bladsy*

<b>1</b>	<b>INLEIDING.....</b>	<b>4</b>
<b>2</b>	<b>DOEL EN UITKOMSTE.....</b>	<b>5</b>
2.1	Doel .....	5
2.2	Uitkomste .....	5
<b>3</b>	<b>DOSENT(E) EN KONTAKBESONDERHEDE .....</b>	<b>6</b>
3.1	Dosent(e) .....	6
3.2	Departement .....	6
3.3	Universiteit .....	7
<b>4</b>	<b>HULPBRONNE .....</b>	<b>8</b>
4.1	Voorgeskrewe boeke .....	8
4.2	Aanbevole boeke .....	9
4.3	Elektroniese reserwes (e-reserwes) .....	9
4.4	Biblioteekdienste en hulpbronninligting .....	15
<b>5</b>	<b>STUDENTEONDERSTEUNINGSDIENSTE.....</b>	<b>15</b>
5.1	Studiebriewe .....	15
5.2	E-tutors .....	16
5.3	myUnisa .....	16
5.4	Telesentrums .....	17
5.5	myLife .....	17
<b>6</b>	<b>STUDIEPLAN.....</b>	<b>17</b>
<b>7</b>	<b>PRAKTIESE WERK EN WERKSGEÏNTEGREERDE LEER .....</b>	<b>18</b>
<b>8</b>	<b>ASSESSERING.....</b>	<b>18</b>
8.1	Assesseringskriteria.....	18
8.2	Assesseringsplan.....	18
8.3	Werkopdragnommer .....	19
8.3.1	Algemene werkopdragnommers .....	19
8.3.2	Unieke werkopdragnommers .....	19
8.4	Sperdatums vir werkopdragte .....	20
8.5	Indiening van werkopdragte.....	20
8.6	Die werkopdragte.....	22
8.6.1	Werkopdragvrae vir Semester 1 .....	22
8.6.2	Werkopdragvrae vir Semester 2 .....	32

8.7	Ander assesseringsmetodes .....	42
8.8	Die eksamen.....	42
8.8.1	Vrae vir die eksamenportefeulje, Semester 1 .....	43
8.8.2	Vrae vir die eksamenportefeulje, Semester 2 .....	48
8.8.3	Hereksamens (“supplementary exam”).....	53
<b>9</b>	<b>GEREELDE VRAE .....</b>	<b>54</b>
<b>10</b>	<b>BRONNE GERAADPLEEG.....</b>	<b>54</b>
<b>11</b>	<b>TEN SLOTTE .....</b>	<b>54</b>
<b>12</b>	<b>BYLAE.....</b>	<b>54</b>

# 1 INLEIDING

Geagte Student

Baie welkom by die module *Genre en tema* (AFK2601). As deel van jou studiepakket behoort jy die volgende dokumente te ontvang:

- **Studiebrief 101/3/2018** (hierdie brief wat jy nou lees);
- die **studiegids** (wat 6 leereenhede bevat).

**Onthou:** Unisa se versendingsvleuel stuur bogenoemde dokumente in gedrukte formaat vir jou, maar 'n makliker en vinniger metode om jou studiemateriaal in die hande te kry is via myUnisa. Gaan na <http://www.unisa.ac.za/sites/myunisa/default/>, teken aan met jou studentenommer en wagwoord, besoek die moduleblad vir AFK2601 (onder "More Sites") en laai jou studiemateriaal elektronies af by "Official Study Material".

Ons stel voor jy lees eers deeglik deur Studiebrief 101 (hierdie brief wat jy nou lees), want dit bevat die volgende belangrike inligting:

- administratiewe sake (soos wie jou dosente is en hoe om hulle te kontak)
- die voorgeskrewe tekste en e-reserwes (en hoe om hierdie tekste in die hande te kry)
- hoe jy geassesseer gaan word (insluitend die spesifieke werkopdragvrae, sperdatums en unieke werkopdragnommers)

Gaan na die moduleblad vir AFK2601 op myUnisa. Op die eerste besprekingsforum (*Discussions*), stel jouself aan jou dosente en medestudente voor. Vertel ons bietjie van jouself.

Lees volgende deur die studiegids, wat die ses leereenhede vir AFK2601 bevat. Dit sal jou in staat stel om Werkopdrag 01 suksesvol te voltooi.

Ons wil jou ook aanmoedig om so gou as moontlik jou myLife-rekening te aktiveer indien jy nog nie het nie. Belangrike inligting en aankondigings word dikwels daardeur gekommunikeer.

Dit is vir ons 'n plesier om jou as student in hierdie module te hê, en ons hoop dat AFK2601 vir jou interessant en verrykend sal wees. Baie sterkte met jou studies!

Neil Cochrane en Neil van Heerden (kursusleiers)

## 2 DOEL EN UITKOMSTE

### 2.1 Doel

In AFK2601 gaan jy voortbou op jou kennis van die Afrikaanse letterkunde, 'n veld waarmee jy reeds in die eerstejaarkursus (AFK1501) kennis gemaak het. In hierdie module gaan ons kyk na verskillende soorte literêre tekste, en spesifiek:

- wat 'n literêre vorm, soort of genre is en hoe dit stelselmatig verander;
- hoekom ons literêre tekste in genres opdeel;
- waarom dit moeilik en dikwels onwenslik is om literêre tekste in genres op te deel;
- watter literêre genres daar is en wat hulle kenmerke is;
- hoe verskillende genres in verskillende tydperke met mekaar in gesprek tree;
- hoe die vorm van 'n literêre teks skakel met die tema; en
- hoe hierdie genres die hele tyd aangepas en uitgebrei word.

**Onthou:** Die doel van hierdie module is nie om soos 'n papegaai 'n aantal aspekte van 'n paar literêre tekste te memoriseer en weer te gee nie! Ons wil jou eerder die vaardighede gee om enige literêre teks met selfvertroue te benader en te interpreteer.

### 2.2 Uitkomst

Meer spesifiek is dit hierdie module se doel om jou te bemagtig om:

- jou vaardigheid in teksinterpretasie en kritiese lees van tekste te verbeter;
- 'n bewussyn te kweek vir dié faktore wat 'n belangrike rol speel in die interaksie tussen teks en leser;
- op hoogte te wees van literêre konvensies wat nodig is vir die begrip van prosa- en poësieletterkundetekste; en
- die vermoë te kweek om met eie, maar gemotiveerde menings oor literêre tekste vorendag te kom en daardie menings te beredeneer en te kommunikeer.

### 3 DOSENT(E) EN KONTAKBESONDERHEDE

#### 3.1 Dosent(e)



##### **Kursusleier en kursusontwikkelaar**

Mnr. Neil Cochrane

(012) 429 6628

[cochrn1@unisa.ac.za](mailto:cochrn1@unisa.ac.za)



##### **Kursusleier**

Mnr. Neil van Heerden

(012) 429 6424

[vheern@unisa.ac.za](mailto:vheern@unisa.ac.za)

#### 3.2 Departement



##### **Departementshoof**

Prof. Marisa Keuris

(012) 429 6319

[keurim@unisa.ac.za](mailto:keurim@unisa.ac.za)



### Departementele sekretaresse

Me. Zané Loftie-Eaton

(012) 429 6308

[loftiz@unisa.ac.za](mailto:loftiz@unisa.ac.za)

### 3.3 Universiteit

Kontakbesonderhede van die verskillende administratiewe departemente is ingesluit in die brosjure *myStudies@Unisa* (wat jy saam met jou studiepakket ontvang).

Hier is egter sommige van die adresse wat jy mag nuttig vind:

- [info@unisa.ac.za](mailto:info@unisa.ac.za) vir algemene navrae
- [study-info@unisa.ac.za](mailto:study-info@unisa.ac.za) vir aansoek- en registrasieverwante navrae
- [assign@unisa.ac.za](mailto:assign@unisa.ac.za) vir werkopdragnavrae
- [exams@unisa.ac.za](mailto:exams@unisa.ac.za) vir eksamennavrae
- [despatch@unisa.ac.za](mailto:despatch@unisa.ac.za) vir studiemateriaalnavrae
- [finan@unisa.ac.za](mailto:finan@unisa.ac.za) vir studenterekeningnavrae
- [gaudeamus@unisa.ac.za](mailto:gaudeamus@unisa.ac.za) vir gradeplegtigheidnavrae
- [myUnisaHelp@unisa.ac.za](mailto:myUnisaHelp@unisa.ac.za) vir hulp met myUnisa
- [myLifeHelp@unisa.ac.za](mailto:myLifeHelp@unisa.ac.za) vir hulp met *myLife* e-posrekeninge

Stuur 'n SMS na **32695** vir meer inligting oor hoe om Unisa te kontak via SMS (slegs vir studente binne die grense van Suid-Afrika). Studente sal 'n outomatiese SMS-antwoord ontvang met verskillende SMS-opsies. Die SMS kos R1.

Studente kan ook navrae direk SMS na:

- **43578** vir aansoeke en registrasie
- **43584** vir werkopdragte
- **43584** vir eksamens
- **43579** vir studiemateriaal
- **31954** vir studenterekeninge
- **43582** vir myUnisa en myLife

Die kostes per SMS in 2016 is/was 50c. Die SMS-nommer is slegs vir studente woonagtig in Suid-Afrika. Internasionale studente word aangeraai om gebruik te maak van die e-posadres: [info@unisa.ac.za](mailto:info@unisa.ac.za).

**Faksnavrae:** +27 (0)12 429 4150

**Posadres:**

Posbus 392  
Unisa  
0003

**Fisiese adres:**


Universiteit van Suid-Afrika  
Prellerstraat  
Muckleneuk  
Pretoria

**Onthou:** Verskaf altyd jou studentenommer in enige korrespondensie met die universiteit.

## 4 HULPBRONNE

### 4.1 Voorgeskrewe boeke

Jy hoef slegs een voorgeskrewe boek aan te koop vir AFK2601:



**Brümmer, Willemien.** 2008. *Die dag toe ek my hare losgemaak het*. Kaapstad: Human & Rousseau.

Lees gerus meer oor die boek op NB Uitgewers se webblad: <http://www.nb.co.za/Books/14226>.

Jy kan die boek as 'n e-boek of as 'n gedrukte boek aankoop. Die maklikste is om dit aanlyn te bestel by een van die volgende verskaffers:



- **Takealot:** <http://www.takealot.com/die-dag-toe-ek-my-hare-losgemaak-het/PLID35330337>
- **Graffiti Boeke:**  
[http://www.graffitiboeke.co.za/index.php?page\\_id=book&book\\_id=689&show\\_multiple=no](http://www.graffitiboeke.co.za/index.php?page_id=book&book_id=689&show_multiple=no)
- **Loot:** <http://www.loot.co.za/product/willemien-brummer-die-dag-toe-ek-my-hare-losgemaak-het/vbyd-283-g390>
- **Exclusive Books:** <https://www.exclusivebooks.co.za/product/9780798149808>
- **Raru:** <http://raru.co.za/books/1901531-die-dag-toe-ek-my-hare-losgemaak-het-willemien-brummer-paperback>

Raadpleeg gerus die volledige lys van amptelike boekhandelaars (en boekwinkels landwyd) in jou *Studies@Unisa*, of by die intekenportaal van myUnisa.

## 4.2 Aanbevole boeke

Daar is geen aanbevole boeke vir hierdie module nie.

## 4.3 Elektroniese reserwes (e-reserwes)

Bo en behalwe die enkele voorgeskrewe boek wat jy moet aanskaf (naamlik *Die dag toe ek my hare losgemaak het* deur Willemien Brümmer), maak ons ook in hierdie module gebruik van 'n hele aantal e-reserwes.

“E-reserwes” is 'n verskeidenheid gedigte, kortverhale, akademiese artikels en boekhoofstukke wat ingeskandeer is en elektronies aan jou beskikbaar gestel word (dit wil sê, in PDF formaat) via Unisa se biblioteekwebruimte (<http://oasis.unisa.ac.za/search/r>). E-reserwes is dus amper soos 'n aanlyn weergawe van die ou leesbundel.

**Let wel:** Jy hoef **NIE** al die onderstaande e-reserwes dadelik uit te druk nie, slegs dié wat in die werkopdragte en eksamenportefeulje gevra word.

Die e-reserwes per leereenheid, is as volg:

Leereenheid 1
Boerneef, 2008. “Dis skuins voor 12 op Oujaarsaand”. In: Brink, André P. (red.). <i>Groot Verseboek</i> (Deel 1), 441. Kaapstad: Tafelberg.
Louw, N.P. van Wyk. 2002. “Die beiteljtjie”. In: <i>Versamelde gedigte N.P. van Wyk Louw</i> , 186. Kaapstad: Tafelberg en Human & Rousseau.
Marais, Eugène N. 2008. “Skoppensboer”. In: Brink, André P. (red.). <i>Groot Verseboek</i> (Deel 1), 31-2. Kaapstad: Tafelberg.
Opperman, D.J. 2008. “Digter”. In: Brink, André P. (red.). <i>Groot Verseboek</i> (Deel 1), 268-9. Kaapstad: Tafelberg.

Van den Berg, Zirk. 1989. "Eendag dag ek ek sien bloed". In: *Ekstra dun vir meer gevoel*, 1. Kaapstad: Tafelberg.

Van Heerden, Ernst. 2008. "Die gewigopteller". In: Brink, André P. (red.). *Groot Verseboek* (Deel 1), 308. Kaapstad: Tafelberg.

## Leereenheid 2

Aucamp, Hennie en Scheepers, Riana. 2012. "Die skryf van kortverhale – enkele uitgangspunte". In: Scheepers, Riana & Kleyn, Leti (reds.). *Die Afrikaanse skryfgids*, 63-69. Johannesburg: Penguin.

Aucamp, Hennie. 1967. "Sop vir die sieke" In: *Spitsuur*, 62-65. Kaapstad: John Malherbe.

Aucamp, Hennie. 1978. "Die essay op skool". In: *Kort voor lank: opstelle oor kortprosatetekste*, 126–133. Kaapstad: Tafelberg.

Aucamp, Hennie. 1978. "Kort voor lank". In: ". In: *Kort voor lank: opstelle oor kortprosatetekste*, 134-153. Kaapstad: Tafelberg.

Aucamp, Hennie. 1991. "Die helfte is jou nie vertel nie". In: *Vuurslag*, 268-289. Kaapstad: Tafelberg.

Beukes, Marthinus. 2012. "Die digvorm as alkantbyl kap veelkantig". In: Scheepers, Riana & Kleyn, Leti (reds.). *Die Afrikaanse skryfgids*, 171-182. Johannesburg: Penguin.

Bisschoff, Anna-Marie. 1992. "Prosagedig" In: Cloete, T.T. (red.). *Literêre terme en teorieë*, 411. Pretoria: HAUM-Literêr.

Botha, Elize. 1992. "Kortverhaal" In: Cloete, T.T. (red.). *Literêre terme en teorieë*, 236 & 237. Pretoria: HAUM-Literêr.

Breytenbach, Breyten. 1981. "Fascistiese pampoens" In: *Katastrofes* (tweede uitgawe), 37. Kaapstad: Human & Rousseau.

Breytenbach, Breyten. 2013. "'n Brief van hulle vakansie". In: Leserskring (samestellers). *Die gewildste Afrikaanse gedigte*, 136. Kaapstad: Human & Rousseau.

Brink, André P. 1977. "Skuld en boete" In: *Herinnering se wei: Afrikaanse skrywers oor hulle jeug* (tweede uitgawe), 60-68. Johannesburg: Perskor.

Crafford, Mariette. 2012. "Edele vak". In: *Rooi Rose* (Junie 2012), 134 & 136.

Dixon, Isobel. 2013. "Die plesier van eenvoud". In: Strauss, Nicole Jackal (semest.). *Kosblik*, 72-76. Kaapstad: Queillierie.

Eybers, Elisabeth. 2004. "Huiskat". In: *Versamelde gedigte Elisabeth Eybers*, 157. Kaapstad: Human & Rousseau en Tafelberg.

Gouws, Tom. 1992. "Kortkuns" (236) en "Kortkortverhaal" (235 & 236). In: Cloete, T.T. (red.). *Literêre terme en teorieë*. Pretoria: HAUM-Literêr.

Gouws, Tom. 1992. "Proewe van die menslike bestaan". In: Gouws, Tom & Roodt, P.H. (reds.). *Granaat: 50 eietydse essays*, 223-228. Kenwyn: Juta en Kie.

Haffter, P. 1992. "Essay". In: Cloete, T.T. (red.). *Literêre terme en teorieë*, 106 & 107. Pretoria: HAUM-Literêr.

Joubert, Elsa. 1980. "Melk" In: *Melk*, 1-6. Kaapstad: Tafelberg.

Kamfer, Ronelda S. 2008. "Lolla". In: *Noudat slapende honde*, 25. Kaapstad: Kwela.

- Krog, Antjie. 2006. "Agt menopousale sonnette" (spesifiek "God, Die Dood" uit die sonnettesiklus). In: *Verweerskrif*, 13-20. Roggebaai: Umuzi
- Louw, N.P. van Wyk. 2002. "Die beiteljtjie". In: *Versamelde gedigte N.P. van Wyk Louw*, 186. Kaapstad: Tafelberg en Human & Rousseau.
- Meyer, Deon. 2015. "Die ballade van Robbie de Wee". In: *Die Ballade van Robbie de Wee en ander verhale*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Nataniël. 2013. "Hoe ons mors". In: *Sarie Kos* (Februarie/Maart 2013), 122.
- Nataniël. 2013. "Skoonheid begin iewers". In: *Sarie Kos* (Augustus/September 2013), 122.
- Odendaal, Bernard. 2007. "Casual victim of the struggle" (26) en "'n Kersdag se ware verhaal" (76). In: *Onbedoelde land*. Kaapstad: Tafelberg.
- Prinsloo, Koos. 1982. "In die kake van die dood" In: *Jonkmanskas*, 42-54. Kaapstad: Tafelberg.
- Prinsloo, Koos. 1987. "And our fathers that begat us" (9-26) en "Die brief" (59-67). In: *Die hemel help ons*. Emmerentia: Taurus.
- Rabie, Jan. 1963. "Drie kaalkoppe eet tesame" In: *Een-en-twintig* (eerste uitgawe), 17 & 18. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Scheepers, Riana. 1991. "Plat hond" In: Aucamp, Hennie (red.). *Vuurslag*, 256 & 257. Kaapstad: Tafelberg.
- Scheepers, Riana. 2012. "Die kortverhaal se uitgebreide familie". In: Scheepers, Riana & Kleyn, Leti (reds.). *Die Afrikaanse skryfgids*, 69-73. Johannesburg: Penguin.
- Snyman, Dana. 2005. "Distant Drums" (91-3) en "'n Meisie, vasgevang in die draaikolk van haar vergete verlede" (63-6). In: *Uit die binneland*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Strachan, Alexander. 1984. "Grootmanne se hoersgoed" (21) en "Die muurprent" (37-40). In: *'n Wêreld sonder grense*. Kaapstad: Tafelberg.
- Van Biljon, Madeleine. 1992. "Toebroodjies troos". In: Gouws, Tom & Roodt, P.H. (reds.). *Granaat: 50 eietydse essays*, 194-196. Kenwyn: Juta en Kie.
- Van den Berg, Zirk. 1989. "Eendag dag ek ek sien bloed" (1) en "'n Pa is altyd daar" (67 & 68) In: *Ekstra dun vir meer gevoel*. Kaapstad: Tafelberg.
- Van Melle, Jan. 2012. "Die tuiskoms". In De Vries, A.H. *Die Afrikaanse Kortverhaalboek* (7de uitgawe), 44-6. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Van Niekerk, Marlene. 2013. "Eerste risky liefdesliedjie" (30) en "My pa se hemel" (87). In: *Kaar*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Versveld, Marthinus. 1982. "Die pampoen". In: De Klerk, W.A. (red.). *Tyd en dae*, 116 & 117. Kaapstad: Tafelberg.

### Leereenheid 3

- Beukes, Marthinus. 2012. "Die digvorm as alkantbyl kap veelkantig". In: Scheepers, Riana & Kleyn, Leti (reds.). *Die Afrikaanse skryfgids*, 171-182. Johannesburg: Penguin.
- Hambidge, Joan. 2009. "Debuut gee vreemde blik op die gewone". *Volksblad*, 12 Januarie, 4.
- Louw, N.P. van Wyk. 2002. "Die beiteljtjie". In: *Versamelde gedigte N.P. van Wyk Louw* (tweede uitgawe), 186. Kaapstad: Tafelberg en Human & Rousseau.

Marais, Loftus. 2008. "Strandromanse" (17), "Ook aan die Kaap geskrywe" (33), "Die digter as rockstar" (40), "'n Pleidooi vir vinniger kuns" (41), "Relaas van die tuindwerg" (54) en "Tafel afdek" (60). In: *Staan in die algemeen nader aan vensters*. Tafelberg: Kaapstad.

Marais, Loftus. 2012. "Verkeerswaarneming" (27), "Fabulisha de la Queillerie maak reg vir die dag" (17), "'n Obese paartjie in die see by Clifton" (39), "Blaai" (40), "Twaalf maniere om vanuit jou motor op die N2 na Khayelitsha te kyk" (50-51), "Gedagtegang oor kombuisgerei" (59-60) en "Groot ode aan die V&A Waterfront" (86). In: *Kry my by die gewone plek aguur*. Kaapstad: Tafelberg.

Muller, Wayne. 2009. "Gedigte vir die kykers". *Die Burger*, 15 Januarie, 16.

Viljoen, Hein. 2010. "Groot avonture in die (onlangse) Afrikaanse poësie". *Stilet*, XXII: 2, 169-196.

Viljoen, Louise. 2011. "Of chisels and jackhammers: Afrikaans poetry, 2000-2009". *Current Writing: Text and Reception in Southern Africa*, 23:1, 17-34.

#### Leereenheid 4

Botes, Nina. 2012. "'Haar art was befok, haar gap was groovy'. Die resepsie van Ronelda Kamfer se *Noudat slapende honde* in Suid-Afrika en die Lae Lande". In: *Toenadering: literair grensverkeer tussen Afrikaans en Nederlands = literêre grensverkeer tussen Afrikaans en Nederlands* (reds. Yves T'Sjoen & Ronel Foster). Acco: Leuven, 247-282.

Eybers, Elisabeth. "Verhaal". In: Brink, André P. (red.). *Groot Verseboek* (Deel 1), 232. Kaapstad: Tafelberg.

Eybers, Elisabeth. 2004. "Sonnette aan F." (77-79), "Sonnet" (147), "Huiskat" (157), "Melkkantien" (154) en "Slaaptyd" (196). In: *Versamelde gedigte Elisabeth Eybers* (derde uitgawe). Kaapstad: Human & Rousseau en Tafelberg.

Grové, A.P. 1992. "Sonnet". In: Cloete, T.T. (red.). *Literêre terme en teorieë*, 498 & 499. Pretoria: HAUM-Literêr.

Hambidge, Joan. 2009. "Debuut gee vreemde blik op die gewone". *Volksblad*, 12 Januarie, 4.

Kamfer, Ronelda S. 2008. "Dame in progress" (18), "Lolla" (25), "Kliek van sewe" (27), "OD2" (36), "OD1" (22-3), "Miss Moedig" (39), "Klein Cardo" (12), "bipolarhoney" (46) en "Goeie meisies" (43). In: *Noudat slapende honde*. Kaapstad: Kwela.

Kamfer, Ronelda S. 2011. "Shaun". In: *Grond/Santekraam*, 32-34. Kaapstad: Kwela.

Krog, Antjie. 1989. "Given line: macho-mans gee my die creeps". In: *Lady Anne*, 67. Bramley: Taurus.

Krog, Antjie. 1992. "Gousstr." In: *Jerusalemgangsters* (tweede uitgawe), 29. Kaapstad: Human & Rousseau.

Krog, Antjie. 2006. "Agt menopousale sonnette". In: *Verweerskrif*, 13-20. Roggebaai: Umuzi.

Krog, Antjie. 2009. "Sonnet" (14-5), "digter wordende" (78-9). In: Samuel, A.E. *Digter wordende – 'n keur uit die gedigte van Antjie Krog*. Kaapstad: Human & Rousseau.

Louw, N.P. van Wyk. 2002. "Fees". In: *Versamelde gedigte N.P. van Wyk Louw* (tweede uitgawe), 41. Kaapstad: Tafelberg en Human & Rousseau.

Odendaal, Bernard. 2012. "Die ontdekking van die wit". In: Scheepers, Riana & Kleyn, Leti (reds.). *Die Afrikaanse skryfgids*, 182-187. Johannesburg: Penguin.

Viljoen, Louise. 2011. "Of chisels and jackhammers: Afrikaans poetry, 2000-2009". *Current Writing: Text and Reception in Southern Africa*, 23:1, 17-34.

### Leereenheid 5

Bekker, Pirow. 1990. "Oewerbos". In: Marais, Johann Lodewyk (red.). *Groen: Gedigte oor die omgewing*, 3. HAUM-Literêr.

De Lange, Johann. 1990. "Krokodil". In: Marais, Johann Lodewyk (red.). *Groen: Gedigte oor die omgewing*, 21-2. HAUM-Literêr.

De Lange, Johann. 2009. "Die maraboe". In: *Die algebra van nood*, , 16. Kaapstad: Human & Rousseau.

De Lange, Johann. 2012 "Narwal". In: *Vaarwel, my effens bevleekte held*, 12. Kaapstad: Human & Rousseau.

De Lange, Johann. 2014. "Hottentotsgot". In: *Stil punt van die aarde*, 32. Kaapstad: Human & Rousseau.

Leipoldt, C. Louis 1980. "Die oerbos". In: *Versamelde gedigte C. Louis Leipoldt* (eerste uitgawe), 177. Kaapstad: Tafelberg.

Louw, N.P. van Wyk. 2002. "Die strandjutowolf" (136) en "Die narwal" (245). In: *Versamelde gedigte N.P. van Wyk Louw* (tweede uitgawe). Kaapstad: Tafelberg en Human & Rousseau.

Marais, Johann Lodewyk. 1990. "Bloubok". In: Marais, Johann Lodewyk (red.). *Groen: Gedigte oor die omgewing*, 38. HAUM-Literêr.

Marais, Johann Lodewyk. 1997. "Natuur, omgewing en letterkunde". In: Marais, Johann Lodewyk en Zuiderent, Ad (reds.). *Ons klein en silwerige planeet: Afrikaanse, Nederlandse en Vlaamse gedigte oor die omgewing*, 1-11. Kaapstad: J.L. van Schaik.

Marais, Johann Lodewyk. 2002. "Swartkraai". In: *Aves*, 47. Pretoria: Protea Boekhuis.

Muller, Petra. 2008. "Bruin by" In: Brink, André P. (red.). *Groot Verseboek* (Deel 2), 798. Kaapstad: Tafelberg.

Olivier, Fanie. 1990. "Welwitschia mirabilis". In: Marais, Johann Lodewyk (red.). *Groen: Gedigte oor die omgewing*, 43. HAUM-Literêr.

Rousseau, Ina. 2003. "Die plaag" (75) en "Die maraboe" (76). In: Hugo, Daniel (red.). *Die stil middelpunt*. Kaapstad: Human & Rousseau.

Van Heerden, Ernst. 2008. "Akkedis" en "Bergskilpad". In: Brink, André P. (red.). *Groot Verseboek* (Deel 1), 309. Kaapstad: Tafelberg.

### Leereenheid 6

Aucamp, Hennie en Scheepers, Riana. 2012. "Die skryf van kortverhale – enkele uitgangspunte". In: Scheepers, Riana & Kleyn, Leti (reds.). *Die Afrikaanse skryfgids*, 63-69. Johannesburg: Penguin.

Aucamp, Hennie. 1967. "Sop vir die sieke". In: *Spitsuur*, 62-65. Kaapstad: John Malherbe.


Barnard, Chris. 1968. "Die gog". In: *Duiwel-in-die-Bos*, 23-9. Kaapstad: Tafelberg.

Bisschoff, Anna-Marie. 1992. "Prosagedig". In: Cloete, T.T. (red.). *Literêre terme en teorieë*, 411. Pretoria: HAUM-Literêr.

- Botes, Nina & Cochrane, Neil. 2011. Generiese merkers in die kortverhaalsiklus: Deel 1: Teoretiese uitgangspunte. *LitNet Akademies*, 8(2):112-151.
- Botha, Elize. 1992. "Kortverhaal". In: Cloete, T.T. (red.). *Literêre terme en teorieë*, 236-237. Pretoria: HAUM-Literêr.
- Breytenbach, Breyten. 1981. "Fascistiese pampoer". In: *Katastrofes*, 37. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Breytenbach, Breyten. 2012. "Kortverhaal". In: De Vries, A.H. *Die Afrikaanse Kortverhaalboek* (7de uitgawe), 100. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Gouws, Tom. 1992. "Kortkuns" (236) en "Kortkortverhaal" (235-236). In: Cloete, T.T. (red.). *Literêre terme en teorieë*. Pretoria: HAUM-Literêr.
- Miles, John. 2012. "Voorgevoel". In: De Vries, A.H. *Die Afrikaanse Kortverhaalboek* (7de uitgawe), 236. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Rabie, Jan. 1963. "Drie kaalkoppe eet tesame". In: *Een-en-twintig*, 17-18. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Rabie, Jan. 2012. "Droogte". In: De Vries, A.H. *Die Afrikaanse Kortverhaalboek* (7de uitgawe), 70-2. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Scheepers, Riana. 2012. "Die kortverhaal se uitgebreide familie". In: Scheepers, Riana en Kleyn, Leti (reds.). *Die Afrikaanse skryfgids*, 69-73. Johannesburg: Penguin.

Jy kan die e-reserwes soos volg raadpleeg:

- 1) Gaan na die webblad vir Unisa se biblioteek:  
(<http://www.unisa.ac.za/sites/corporate/default/Library>).
- 2) Klik op "Find e-reserves & Recommended books" onder "Search the Library".



**Africa's largest academic library**

Our library boasts over 2.7 million items and supports Unisa staff and students in teaching and research.

We subscribe to an increasing number of electronic journals and electronic books that are available to students and staff online at any time.

[Read more](#)

**Library services**

- › Lending services
- › Training
- › Request a Literature search
- › Research support
- › Archival collections

**Search the Library**

Enter keywords to search

- › Search the catalogue
- › Find e-resources
- › **Find e-reserves & Recommended books**
- › Find e-journals
- › Unisa Institutional Repository

- 
- 
- 
- 
-

3) Tik die modulekode (AFK2601) in die soekblokkie wat verskyn.

#### Course Code Search

Search for material for my course:

AFK2601

Submit

Type the course code to find all the material reserved or recommended for your course. For example:

- MTX59
- sosth
- mac4863
- cla26

4) Klik op “AFK2601 Electronic Reserves” om al jou e-reserwetekste te raadpleeg.

5) Vul jou gebruikersnaam en wagwoord in wanneer jy daarvoor gevra word.

#### 4.4 Biblioteekdienste en hulpbronninligting

Gaan na [www.unisa.ac.za/brochures/studies](http://www.unisa.ac.za/brochures/studies) vir bondige inligting.

Vir gedetailleerde inligting, gaan na [www.unisa.ac.za/library](http://www.unisa.ac.za/library). Vir navorsingsondersteuning en die dienste van persoonlike bibliotekaris, klik op "Research support".

Die Biblioteek het 'n aantal biblioteekhandleidings opgestel:

- om aanbevole leesstof in die gedrukte versameling en in e-reserwes op te spoor – <http://libguides.unisa.ac.za/request/undergrad>.
- om materiaal aan te vra – <http://libguides.unisa.ac.za/request/request>.
- vir nagraadse inligtingsdienste – <http://libguides.unisa.ac.za/request/postgrad>.
- om biblioteekhulpbronne en -hulpmiddels vir navorsingsdoeleindes op te spoor, te kry en te gebruik – [http://libguides.unisa.ac.za/Research\\_Skills](http://libguides.unisa.ac.za/Research_Skills).
- hoe om die Biblioteek te kontak of ons op sosiale media te vind/gereelde vrae – <http://libguides.unisa.ac.za/ask>.

## 5 STUDENTEONDERSTEUNINGSDIENSTE

Jy kan meer inligting oor studenteondersteuning by Unisa vind in die brosjure *myStudies@Unisa* (wat jy saam met jou studiepakket ontvang het). Die volgende studentehulpdienste is egter van belang vir die module AFK2601:

### 5.1 Studiebriewe

Dosente stuur elke semester 'n sogenaamde “opvolgstudiebrief” uit aan studente, naamlik Studiebrief 201 (Tutorial Letter 201). Jy het dit **NOG NIE** ontvang nie. Dit word eers uitgestuur

wanneer almal die tweede werkopdrag ingedien het, gewoonlik 3 tot 4 weke voor die eksamen. Daarin kry jy die volgende:

- generiese terugvoer op Werkopdrag 01 en Werkopdrag 02, asook
- inligting oor die eksamenportefeulje.

Maak dus seker jy ontvang jou opvolgstudiebrief in die pos. 'n Ander vinnige en maklike manier om die studiebrief in die hande te kry, is om dit via myUnisa af te laai sodra dit beskikbaar gemaak word. Gaan na <http://www.unisa.ac.za/sites/myunisa/default/>, besoek die moduleblad vir AFK2601 en kyk onder "Official Study Material".

## 5.2 E-tutors

E-tutors is nie dosente nie, maar persone wat optree as "aanlyntutors". Die doel van e-tutors is om deurlopende akademiese ondersteuning te bied en navrae te beantwoord.

Behalwe vir AFK2601 se primêre moduleblad, word jy ook by 'n tutorgroep ingedeel met 'n aparte webblad (oftewel "Group Site") op myUnisa. Die kode van hierdie e-tutor groepblad verskyn in die formaat: AFK2601-18-S1-4E (afhangend van die nommer van die groep waar jy ingedeel word en die semester waarvoor jy geregistreer is).

Op hierdie sogenaamde groepblad of "Group Site" kan jy direk met jou e-tutor kommunikeer. Doen dit deur 'n "New Topic" te skep onder "Discussions". E-tutors is elke dag vir ongeveer twee ure aanlyn om navrae te beantwoord.

**Let wel:** Alhoewel e-tutors 'n uitstekende hulpmiddel is, moet jy onthou dat jy steeds gereeld die primêre moduleblad vir AFK2601 moet dophou vir belangrike kennisgewings van die dosente, nuwe studiemateriaal, ensovoorts.

## 5.3 myUnisa

myUnisa is die Universiteit se gratis aanlynplatform vir alle geregistreerde studente by Unisa.

Raadpleeg jou *Studies@Unisa*-gids vir meer inligting oor hoe om 'n wagwoord vir myUnisa te skep. As jy enige probleme met myUnisa ervaar, stuur 'n e-pos aan [myunisahelp@unisa.ac.za](mailto:myunisahelp@unisa.ac.za). (Gee altyd jou studentenommer as verwysing.)

Nadat jy geregistreer het, behoort AFK2601 as een van jou modules op myUnisa te verskyn. Dit sal in die "dropdown" spyskaart vertoon as "AFK2601-18-S1" of "AFK2601-18-S2" (afhangende van die semester waarin jy geregistreer is).

Jy behoort hierdie moduleblad vir AFK2601 gereeld te gebruik en te besoek, aangesien:



- dosente dikwels belangrike aankondigings (“Announcements”) plaas rakende studiemateriaal, kursusinhoud, sperdatums en so meer;
- studente daaglik gebruik maak van besprekingsforums (“Discussions”) en die werk bespreek waarby jy kan baat vind;
- amptelike studiemateriaal (“Official Study Material”) soos studiebriefe en studiegidse hier afgelaai kan word sodra dit beskikbaar word; en
- werkopdragte elektronies ingedien kan word via myUnisa (verwys na punt 8.5 en jou *Studies@Unisa* vir volledige instruksies).

#### 5.4 Telesentrums

Unisa het in vennootskap getree met instansies in verskeie plekke regoor Suid-Afrika (bekend as “telesentrums”) om jou in staat te stel (as ’n Unisa-student) om vrye toegang tot rekenaars en die internet te verkry. Hierdie toegang sal jou in staat stel om die volgende akademies-verwante aktiwiteite uit te voer: registrasie, elektroniese inhandiging van werkopdragte, deelname in e-tutoraktiwiteite en vlagskipkursusse, ens. Neem asseblief kennis dat enige ander aktiwiteite buiten hierdie op jou eie onkoste is bv. drukwerk, fotostatering, ens. Vir meer inligting oor ’n telesentrum na aan jou, besoek gerus [www.unisa.ac.za/telecentres](http://www.unisa.ac.za/telecentres).

#### 5.5 myLife

Onthou om jou myLife-rekening te aktiveer. Dit is ’n e-posadres wat aan jou modules gekoppel is. Alle kennisgewings en kommunikasie met studente sal na hierdie adres toe gestuur word. (Sodra jy dit geaktiveer het, kan jy alle inkomende e-posse na jou persoonlike e-posrekening toe herlei.)

## 6 STUDIEPLAN

Stel vir jouself ’n persoonlike studieplan op. Beplan jou tyd, ruim genoeg tyd vir jou leeswerk in en probeer sover moontlik by die skedule hou.

Let ook op die volgende wenke wanneer jy jou studieplan opstel:

- Sit tyd opsy om deur elke leereenheid te werk en die aktiwiteite te doen.
- Laat ekstra tyd toe vir werk wat moeilik lyk of waarmee jy probleme ervaar.
- Wanneer jy ’n studieplan opstel, moet jy tyd toelaat vir persoonlike verantwoordelikhede (byvoorbeeld gesinsverpligtinge, werkverpligtinge, sosiale verpligtinge, verlof).
- Beplan só dat jy jou produktiefste tyd vir studie kan benut (byvoorbeeld laataand nadat die kinders gaan slaap het of vroegoggend voordat die res van die gesin wakker word).
- Onthou dat dit meer doeltreffend is om gereeld een uur te studeer (byvoorbeeld elke weeksdag) as om elke twee weke tien ure te studeer. Besluit vooraf hoeveel uur jy per week aan jou studie gaan afstaan. Ons beveel aan dat jy een tot twee uur per dag opsy sit.
- Monitor jou vordering. Dit sal jou bevrediging verskaf om te sien wat jy reeds bereik het, en sal jou inspireer as jy agter raak. Wees bedag op ontwigtings aan jou studieprogram weens onvoorsiene omstandighede. Monitor dus jou vordering sodat jy dadelik kan inhaal

indien jy agter raak. Onthou dat dit makliker is om een week se verlore ure in te haal as 'n hele maand s'n.

Dit gebeur soms dat 'n mens weens onvoorsiene omstandighede wel agter raak. As dit gebeur, neem so gou moontlik beheer oor die situasie:

- Identifiseer waarom jy agter geraak het.
- Stel 'n plan op om in te haal.
- Kontak jou akademiese ondersteuningsnetwerk (dosente, e-tutors, medestudente) om 'n oplossing of bykomende hulp te kry.

## 7 PRAKTIESE WERK EN WERKSGEÏNTEGREERDE LEER

Daar is geen praktiese werk of werksgeïntegreerde leer vir hierdie module nie.

## 8 ASSESSERING

### 8.1 Assesseringskriteria

Die tersaaklike assesseringskriteria en nasienrubrieke word telkens by die spesifieke assesseringsvraag verskaf. Sien punt 8.6 en 8.8 van die huidige studiebrief.

### 8.2 Assesseringsplan

In hierdie module is daar **drie** assesseringsgeleenthede in die loop van 'n semester. Daar word van jou verwag om twee werkopdragte (d.i. jou "formatiewe assessering") en een eksamenportefeulje (die "summatiewe assessering") in te handig:

1. Vir **WERKOPDRAG 01**, moet jy 30 meervoudige keusevrae ("multiple choice questions") beantwoord wat oor **AL** die leereenhede in die studiegids handel (leereenheid 1 tot 6). Werkopdrag 01 tel 30 punte en dra **30%** by tot jou semesterpunt.
2. **WERKOPDRAG 02** is 'n geskrewe/getikte werkstuk waarin jy vrae oor **leereenhede 1, 2 en 3** moet beantwoord. (Een van die vrae is 'n essay van 50 punte.) Werkopdrag 02 tel 80 punte in totaal en dra **70%** by tot jou semesterpunt.

Opdrag	Gewig (% van jou semesterpunt)
Werkopdrag 01 (meervoudige keusevrae)	30%
Werkopdrag 02 (oor LE 1, 2 en 3)	70%

3. Die **EKSAMENPORTEFEULJE** is 'n geskrewe/getikte werkstuk waarin jy vrae oor **leereenhede 4, 5 en 6** moet beantwoord. (Een van die vrae is 'n essay van 50 punte.) Die eksamenportefeulje tel 80 punte in totaal en beslaan 55% van jou finale punt.

Jou **FINALE PUNT** vir AFK2601 word dus soos volg saamgestel:

Komponent	Finale punt
Jou semesterpunt (“formatiewe assessering”): Werkopdrag 01 en 02	45%
Jou eksamenpunt (“summatiewe assessering”): die eksamenportefeulje	55%
	<b>100%</b>

### 8.3 Werkopdragnommer

#### 8.3.1 Algemene werkopdragnommers

Werkopdragte word opeenvolgend genummer (**01**, **02** en **03**). Onthou asseblief om aan jou werkopdragte dieselfde nommer toe te ken as wat ons in hierdie studiebrief daaraan gee.

**Let wel:** Die eksamenportefeulje word op dieselfde manier as enige ander werkopdrag ingehandig en word daarom as “**Werkopdrag 03**” gelys. Dit is bloot vir administratiewe doeleindes. (Op myUnisa, sal die woord “Portfolio” wel langsaan verskyn wanneer jy dit indien.)

#### 8.3.2 Unieke werkopdragnommers

Alle werkstukke (insluitend die eksamenportefeulje) kry ook 'n sogenaamde “unieke nommer” wat asseblief voorop aangetoon **MOET** word. Die unieke nommers is as volg (gebruik asseblief die korrekte unieke nommer vir die semester waarin jy geregistreer is):

		Unieke nommer:
<b>SEMESTER 1</b>	Werkopdrag 01	<b>784635</b>
	Werkopdrag 02	<b>729973</b>
	Eksamenportefeulje (“Opdrag 03”)	<b>771527</b>

<b>SEMESTER 2</b>	Werkopdrag 01	<b>767009</b>
	Werkopdrag 02	<b>734283</b>
	Eksamenportefeulje ("Opdrag 03")	<b>841820</b>

#### 8.4 Sperdatums vir werkopdragte

Die sperdatums vir die verskillende assesseringsgeleenthede is as volg (kyk slegs na die datums wat van toepassing is op die semester waarin jy geregistreer is):

		Sperdatum:
<b>SEMESTER 1</b>	Werkopdrag 01	<b>9 Maart 2018</b>
	Werkopdrag 02	<b>8 April 2018</b>
	Eksamenportefeulje	<b>14 Mei 2018</b>

<b>SEMESTER 2</b>	Werkopdrag 01	<b>13 Augustus 2018</b>
	Werkopdrag 02	<b>9 September 2018</b>
	Eksamenportefeulje	<b>22 Oktober 2018</b>

**NB! GEEN LAAT WERKOPDRAGTE** sal aanvaar word sonder geldige stawende dokumentasie soos 'n amptelike doktersbrief nie. Siektebriewe moet ons **binne 5 dae na die sperdatum** bereik vir oorweging.

#### 8.5 Indiening van werkopdragte

Jy moet verkieslik jou werkopdragte en portefeulje deur myUnisa indien, want dan kry ons dit onmiddellik en kan dit nie wegraak in die pos nie.

Om 'n werkopdrag via myUnisa te dien:

- Gaan na <http://www.unisa.ac.za> en klik op myUnisa.
- Teken aan met jou studentenommer en wagwoord.
- Kies die module (AFK2601) op die oranje balkie.
- Klik op "Assignments" of "Assessment Info" in die linkerkantse kieslys.
- Klik op die betrokke werkopdragnommer (01, 02 of 03) wat jy wil versend.
- Volg die instruksies.

As jy nie jou werkopdrag deur myUnisa kan indien nie, kan jy dit op een van die volgende maniere doen:

- Plaas dit in die werkopdragtehouer by 'n Unisa-sentrum.
- Dien dit in by enige SKYNET- of UTI-dienspunt. Hierdie koeriers sal op Unisa se koste jou werkopdrag aan ons besorg. Dit is dus 'n gratis diens vir studente. Jy kan SKYNET se dienspunte raadpleeg by <http://www.skynet.co.za/unisa/Home.aspx> en UTI s'n by <http://www.go2uti.co.za/Pages/Mainpage.aspx>.
- Pos dit aan die werkopdragafdeling. (Weens die onbetroubaarheid van die Suid-Afrikaanse Posdiens raai ons jou egter ten sterkste af om hierdie metode te kies.)

Sluit altyd die volgende by jou werkopdrag in:

- jou naam en adres (in blokletters)
- die betrokke modulekode en werkopdragnommer
- die unieke werkopdragnommer
- jou studentenommer (sien jou registrasiekaart)
- 'n plagiaatverklaring (beskikbaar onder Addisionele hulpbronne ("Additional resources") op myUnisa

**Onthou:** Die eksamenportefeulje word op dieselfde manier as enige ander werkopdrag ingedien. Ons beveel ten sterkste aan dat jy die eksamenportefeulje elektronies indien via myUnisa. As jy egter jou eksamenportefeulje per gewone pos indien, wees asseblief bedag daarop dat dit ons voor die aangewese sperdatum moet bereik!

## 8.6 Die werkopdragte

Hier volg die spesifieke werkopdragvrae vir Semester 1 en 2, onderskeidelik.

**BELANGRIK!** Die werkopdragvrae verskil van semester tot semester. Maak asseblief seker jy doen die **KORREKTE** vrae vir die semester waarin jy geregistreer is (**S1** of **S2**).

### 8.6.1 Werkopdragvrae vir Semester 1

# SEMESTER 1 (S1) WERKOPDRAGTE

Slegs vir studente wat vir **semester 1** geregistreer is (Januarie tot Junie 2018).

# WERKOPDRAG 01 (S1)

Vir doeleindes van **Werkopdrag 01** (semester 1), moet jy die volgende **30 meervoudige keusevrae** beantwoord wat oor **AL** die leereenhede in die studiegids handel (leereenhede 1 tot 6).

**Sperdatum: 9 Maart 2018**

**Unieke nommer: 784635**

## LEEREENHEID 1

1. Watter een van die volgende kan as niefiksie geklassifiseer word?
  - [1] 'n roman
  - [2] 'n outobiografie
  - [3] 'n sprokie
  
2. Letterkunde het nie noodwendig 'n praktiese funksie (soos byvoorbeeld 'n resepteboek) nie, maar laat 'n mens tog nadink oor die lewe. Daarom kan ons sê letterkunde is \_\_\_\_\_:
  - [1] niepragmaties
  - [2] normatief
  - [3] linguisties
  
3. Wie het die roman, *Kamphoer* (2014), geskryf?
  - [1] Willie Burger
  - [2] Cas van Rensburg
  - [3] Francois Smith
  
4. 'n Skryfstyl waarin dit meer gaan oor die emosies as oor die gebeure:
  - [1] liries
  - [2] tragies
  - [3] nostalgies
  
5. Die literêre \_\_\_\_\_ is 'n versameling tekste wat algemeen beskou word as die beste of belangrikste letterkunde binne daardie betrokke kultuur:
  - [1] elite
  - [2] oeuvre
  - [3] kanon

## LEEREENHEID 2

6. Watter een van die volgende stellings is onwaar?

- [1] Genre-indelings help lesers om hulle voorkeurprodukte maklik te vind.
- [2] Genre-indelings help uitgewers om 'n spesifieke teikenmark te teiken.
- [3] Genre-indelings help outeurs om beter en meer effektief te skryf.

7. Wat is bes moontlik die oudste genre in die Westerse literatuur?

- [1] die sonnet
- [2] die epos
- [3] die drama

8. In Afrikaans word \_\_\_\_\_ as die eerste volwaardige niefiksieroman beskou:

- [1] *Die swerfjare van Poppie Nongena* deur Elsa Joubert
- [2] *Kennis van die aand* deur André P. Brink
- [3] *Kroniek uit die doofpot* deur John Miles

9. Hans du Plessis sê dat poësie \_\_\_\_\_ is:

- [1] "skilderkuns op papier"
- [2] "woordkuns in beweging"
- [3] "praatkuns in versvorm"

10. 'n Jambe staan ook bekend as:

- [1] 'n versvoet
- [2] 'n sillabe
- [3] 'n lettergreep

## LEEREENHEID 3

11. Die volgende is NIE een van die universele temas wat die Afrikaanse poësie ná 2000 kenmerk NIE:

- [1] die plaaslewe
- [2] die liggaam
- [3] die omgewing



12. Wat is die titel van Loftus Marais se debuutbundel?

[1] *Staan in die besonder nader aan vensters*

[2] *Staan glad nie by vensters*

[3] *Staan in die algemeen nader aan vensters*

13. Watter literêre prys wen Loftus Marais vir sy debuutbundel?

[1] Die Ingrid-Jonker-prys

[2] Die Hertzog-prys

[3] Die Akademie vir Kuns-prys

14. In watter digters se werk het Loftus Marais sterk ooreenkomste aangetoon met die werk van Anne Michaels?

[1] Rosa Keet

[2] Ronelda Kamfer

[3] Melanie Grobler

15. Met watter bekende Afrikaanse digter tree Loftus Marais in gesprek in sy gedig, "Die digter as rockstar"?

[1] Sheila Cussons

[2] N.P. van Wyk Louw

[3] W.E.G. Louw

#### LEERENHEID 4

16. In watter omgewing groei Ronelda Kamfer op?

[1] Laeveld

[2] Kaapse Vlakte

[3] Karoo

17. Watter Amerikaanse digter beskou Ronelda Kamfer as een van haar rolmodelle?

[1] Bob Dylan

[2] Mark Doty

[3] Charles Bukowski

18. Wat is die titel van Ronelda Kamfer se debuutbundel?

[1] *Noudat slapende honde*

[2] *Stil katte*

[3] *Laat slapende honde lê*

19. Wat word gedigte wat 'n storie vertel genoem?

- [1] vernufpoësie
- [2] narratiewe poësie
- [3] liriese poësie

20. Wat is NIE 'n kenmerk van narratiewe poësie NIE?

- [1] alledaagse praattoon
- [2] sterk beelde
- [3] vaste rympatrone

## LEERENHEID 5

21. Watter Afrikaanse kritikus het die gedig "Die narwal" van N.P. van Wyk Louw verkeerd geïnterpreteer?

- [1] C. Louis. Leipoldt
- [2] Ernst van Heerden
- [3] André P. Brink

22. Watter Afrikaanse digter staan ook bekend as "die Afrikaanse Neruda"?

- [1] Johann Lodewyk Marais
- [2] Johann de Lange
- [3] Uys Krige

23. Die subtitel van 'n spesievers dui gewoonlik die \_\_\_\_\_ van 'n spesie aan.

- [1] geslag
- [2] volksnaam
- [3] wetenskaplike naam

24. Die narwal" van N.P. van Wyk Louw en "Narwal" van Johann de Lange is 'n voorbeeld van:

- [1] 'n intertekstuele gesprek
- [2] plagiaat
- [3] 'n intratekstuele gesprek

25. Watter Afrikaanse digter is NIE 'n beoefenaar van die spesievers NIE?

- [1] Johann de Lange
- [2] Olga Kirsch
- [3] Ina Rousseau

**LEEREENHEID 6**

26. Die term “modernisties” is nie dieselfde as “modern” nie. Ons gebruik die term “modernisme” om te verwys na ’n spesifieke \_\_\_\_\_ wat veral gedurende die twintigste eeu posgevat het:
- [1] ideologie
  - [2] kunsbeweging
  - [3] skryfstyl
27. Wie het die kortverhaal, “Fascistiese pampoens”, geskryf?
- [1] Chris Barnard
  - [2] Bartho Smit
  - [3] Breyten Breytenbach
28. Heilna du Plooy wys op “die ooreenkoms tussen die Wes-Europese Modernisme en die werk van die \_\_\_\_\_ in Afrikaans”:
- [1] Dertigers
  - [2] Sestigters
  - [3] Tagtigters
29. In watter jaar is die kortverhaalbundel, *Die dag toe ek my hare losgemaak het* deur Willemien Brümmer, oorspronklik gepubliseer?
- [1] 2008
  - [2] 2011
  - [3] 2015
30. Botes en Cochrane (2011) betoog dat talle resente kortverhaalbundels in Afrikaans ’n samehangende struktuur vertoon ten opsigte van:
- [1] tema, karakters en selfs chronologie
  - [2] vertelstyl, taalgebruik en selfs dialoog
  - [3] tipografie, uitleg en selfs parateks

**WERKOPDRAG 01 (S1) TOTAAL: [30]**

# WERKOPDRAG 02 (S1)

Vir doeleindes van **Werkopdrag 02** (semester 1), moet jy **AL** die volgende vrae beantwoord wat oor **leereenhede 1, 2 en 3** handel. Die voorgeskrewe tekste is op e-reserwes beskikbaar (<http://oasis.unisa.ac.za/search/r>). Die punteverdeling is soos volg:

- Leereenheid 1:** 15 punte
- Leereenheid 2:** 15 punte
- Leereenheid 3:** 50 punte (essay)

Die groot totaal vir Werkopdrag 02 is dus **80 punte**.

**Sperdatum: 8 April 2018**

**Unieke nommer: 729973**

## LEEREENHEID 1

### Vraag 1.1

Lees op oor die volgende subgenres van die populêre fiksie en verskaf 'n kort definisie van elkeen. (Vermeld die bronne wat jy gebruik het om hierdie definisies te vind!) Gee ook een voorbeeld van 'n Afrikaanse boek uit elke genre.

- 1.1.1) Speurverhaal (2)
  - 1.1.2) Romanse (2)
  - 1.1.3) Historiese fiksie (2)
- [6]

### Vraag 1.2

Verduidelik Ludwig Wittgenstein se idee van familiële verwantskap (Duits: Familienähnlichkeit), en hoe dit op die letterkunde toegepas kan word, in jou eie woorde. [4]

### Vraag 1.3

Die taalgebruik in 'n literêre teks dwing die leser om nie net te fokus op WAT gesê word nie, maar ook HOE dit gesê word. Lees "Die gewigopteller" deur Ernst van Heerden (beskikbaar op e-reserwes) en beantwoord die volgende vrae:

- 1.3.1) Wat is die rymskema in "Die gewigopteller"? (1)
- 1.3.2) Waarna verwys die "taai klou van die grond" (reël 1)? (1)

- 1.3.3) Verduidelik die beeld van 'n "ruie vlegsel" in reël 3? (1)  
 1.3.4) Identifiseer 'n voorbeeld van personifikasie in hierdie gedig. (1)  
 1.3.5) Herskryf nou die gedig in Engels. (1)

[5]

Leereenheid 1: Subtotaal: [15]

## LEEREENHEID 2

### Vraag 2.1

Noem en verduidelik kortliks die vyf kenmerke van letterkunde soos deur Terry Eagleton uiteengesit. [5]

### Vraag 2.2

Verwys na aktiwiteit 5 in die studiegids. Lees Nathan Bransford se artikel, "What makes literary fiction literary?" (beskikbaar by <http://blog.nathanbransford.com/2007/02/what-makes-literary-fiction-literary.html>). Skryf nou 'n paragraaf van ongeveer 200 woorde waarin jy die onderskeid tussen "populêre" en "literêre" fiksie krities bespreek. [5]

### Vraag 2.3

Bestudeer die volgende tekste wat op e-reserwes beskikbaar is (kolom A) en pas die korrekte subgenre (kolom B) daarby:

	A	B
2.3.1	"Casual victim of the struggle" deur Bernard Odendaal	Essay
2.3.2	"Pa is altyd daar" deur Zirk van den Bergh	Narratiewe poësie
2.3.3	"Eerste risky liefdesliedjie" deur Marlene van Niekerk	Kortkortverhaal
2.3.4	"Verhaal" deur Elizabeth Eybers	Erotiese poësie
2.3.5	"Die plesier van eenvoud" deur Isobel Dixon	Sonnet

[5]

Leereenheid 2: Subtotaal: [15]

### LEERENHEID 3

Skryf 'n essay van 1200-1500 woorde oor die belangrikste kenmerke van Loftus Marais se digkuns as verteenwoordigend van die Afrikaanse poësie na die millenniumwending. Jy moet ten minste DRIE Marais-gedigte in jou opstel analiseer om die belangrikste *kenmerke van Loftus Marais se digkuns* aan te toon.

**Bestudeer die onderstaande riglyne deeglik vóór jy met jou essay begin:**

- Jy kan enige **DRIE** gedigte van Loftus Marais kies. Dit sluit die gedigte in wat in die studiegids behandel word, maar ook ander gedigte op die e-reserwes wat nie in die studiegids bespreek is nie. Jy sal gepeenaliseer word indien jy minder as drie gedigte bespreek.

**BELANGRIK:** Jou essay moet aan al die vereistes van 'n goeie essay voldoen. Raadpleeg asseblief Bylaag A: “**Riglyne vir die skryf van literêre essays**”, wat agterin hierdie studiebrief verskyn. Die dokument is ook elektronies beskikbaar onder “Additional resources” op myUnisa.

- Jy moet ten minste **TWEE** addisionele sekondêre bronne (byvoorbeeld akademiese artikels, resensies, koerantberigte ens.) op 'n sinvolle manier by jou essay betrek. Dit beteken dat die standpunte van literêre kritici, resensente en navorsers moet bydra om jou argumente te ondersteun.
- Jou essay moet oor 'n volledige en korrekte bibliografie beskik en alle inteks-verwysings moet korrek volgens die Harvard-metode aangedui word. Raadpleeg asb. die dokument getiteld “Abridged referencing for students”. Die dokument is beskikbaar onder “Additional resources” op myUnisa.
- Geen vorm van plagiaat sal geduld word nie. Jy sal 0% kry indien jy woordeliks uit ander bronne (insluitend die studiegids) oorskryf. Onthou: die feit dat jy die korrekte bronverwysings verskaf beteken nie dat jy alles summier uit hierdie bronne kan oorskryf nie!
- Ons beveel **STERK** aan dat jy jou aangewese e-tutor kontak vir hulp. Jy kan die e-tutors versoek om kommentaar te lewer op die eerste weergawe van jou essay sodat jy jou finale weergawe kan verbeter.

**Waarskuwing:** Wees versigtig vir allerlei eksterne platforms wat “studieondersteuning” aan Unisa-studente bied. Dikwels het hierdie platforms geen affiliasie met Unisa nie. Gebruik eerder die amptelike Unisa-ondersteuningskanale, soos jou e-tutor. Die e-tutors is professioneel opgelei en beskik oor die nodige kwalifikasies om jou op 'n sinvolle wyse by te staan – maak asb. van hulle dienste gebruik.

- Jou essay sal streng volgens die onderstaande assesseringsrubriek nagesien word. Dit is belangrik dat jy op die assesseringskriteria let en jou essay hiervolgens beplan:

Kriterium	Punt
<b>Inhoud</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>▪ Die student se argumentering is relevant tot die gegewe onderwerp (die student antwoord wat gevra word).</li> <li>▪ Die student beantwoord die vraag volledig.</li> <li>▪ Die student bied genoegsame en relevante bewyse (voorbeelde) uit die teks aan om sy/haar argumente te ondersteun.</li> <li>▪ Die student formuleer argumente op 'n logiese, oortuigende en helder wyse.</li> <li>▪ Die student wend literêr-analitiese vaardighede op 'n sinvolle wyse aan.</li> <li>▪ Die student maak op 'n sinvolle wyse van relevante primêre en sekondêre bronne gebruik.</li> </ul>	<b>30</b>
<b>Struktuur</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>▪ Die essay beskik oor 'n gepaste inleiding, inhoudsparagrafe ("liggaam") en gevolgtrekking (slot).</li> <li>▪ Die essay beskik oor 'n logiese paragraafstruktuur.</li> <li>▪ Paragrafe vloei logies op mekaar.</li> <li>▪ Verbinders en diskoersmerkers (byvoorbeeld "Eerstens", "Vervolgens" ens.) word gebruik om paragrafe met mekaar te skakel.</li> <li>▪ Opskrifte en subopskrifte word korrek gebruik.</li> <li>▪ Die struktuur ondersteun logiese argumentasie.</li> </ul>	<b>5</b>
<b>Taalgebruik</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>▪ Die spelling, styl en leestekengebruik in die essay is korrek.</li> <li>▪ Die student handhaaf 'n gepaste akademiese register.</li> </ul>	<b>5</b>
<b>Verwysings</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>▪ Verwysings in die teks word korrek volgens die Harvard-metode aangedui.</li> <li>▪ Die bibliografie is korrek en goed versorg.</li> <li>▪ Direkte aanhalings en parafrases word korrek gebruik en is goed geïntegreer met die res van die teks.</li> </ul>	<b>10</b>
<b>TOTAAL</b>	<b>50</b>

Leereenheid 3: Subtotaal: [50]

**WERKOPDRAG 02 (S1) TOTAAL: [80]**

# SEMESTER 2 (S2)

## WERKOPDRAGTE

Slegs vir studente wat vir **semester 2** geregistreer is (Julie tot November 2018).



## WERKOPDRAG 01 (S2)

Vir doeleindes van **Werkopdrag 01** (semester 2), moet jy die volgende **30 meervoudige keusevrae** beantwoord wat oor **AL** die leereenhede in die studiegids handel (leereenhede 1 tot 6).

**Sperdatum: 13 Augustus 2018**

**Unieke nommer: 767009**

### LEEREENHEID 1

1. Letterkunde is 'n kunsvorm wat \_\_\_\_\_ as medium gebruik:
  - [1] taal
  - [2] genre
  - [3] karakters
  
2. Wat is volgens die literêre kritikus, Terry Eagleton, die vyf kenmerke van letterkunde?
  - [1] fiktiewiteit, mortaliteit, linguistiek, prakties, normaliteit
  - [2] fiksasie, moralisering, lingua franca, pragmaties, noemenswaardig
  - [3] fiksionaliteit, moraliteit, linguisties, niepragmaties, normatief
  
3. Wie het die roman, *Valsrivier* (2013), geskryf?
  - [1] Nina Botes
  - [2] Dominique Botha
  - [3] Breyten Breytenbach
  
4. \_\_\_\_\_ is meestal verspote verse en bevat geen morele dimensie nie, maar die taalgebruik word heel behendig volgens poëtiese tegnieke gebruik:
  - [1] limerieke
  - [2] sonnette
  - [3] haikoes
  
5. Watter filosoof het aangevoer daar is met speletjies “a complicated network of similarities overlapping and criss-crossing”?
  - [1] Arthur Schopenhauer
  - [2] Friedrich Nietzsche
  - [3] Ludwig Wittgenstein

## LEERENHEID 2

6. “Genre” is ’n breë konsep wat ons gebruik om \_\_\_\_\_ te tipeer:
- [1] kultuurprodukte
  - [2] spesies
  - [3] taalfamilies
7. Wat is die korrekte Afrikaanse woord vir “onomatopoeia”?
- [1] klanknabootsing
  - [2] metonimie
  - [3] oksimoron
8. Wat is waarskynlik die bekendste dramatiese monoloog in Afrikaans?
- [1] *Raka* deur N.P. van Wyk Louw
  - [2] *Joernaal van Jorik* deur D.J. Opperman
  - [3] *Oom Gert vertel* deur C. Louis Leipoldt
9. Wie het die boek *Vertelkunde: ’n inleiding tot die lees van verhalende tekste* (1987) geskryf?
- [1] Hans du Plessis
  - [2] André P. Brink
  - [3] Elsa Joubert
10. \_\_\_\_\_ verwys na die beweging of vloei van een klank na die volgende:
- [1] ritme
  - [2] tempo
  - [3] enjambement

## LEERENHEID 3

11. Op watter manier sluit die Afrikaanse poësie vanaf 2000 tot 2009 by die gevestigde poësietradisie aan?
- [1] die gebrek aan universele temas
  - [2] prominente temas sluit aan by die sosio-politieke konteks
  - [3] die landelike omgewing speel ’n belangrike rol

12. Watter Afrikaanse digter spreek negatiewe kritiek uit oor die herlewing van narratiewe poësie?
- [1] Rosa Keet
  - [2] Danie Marais
  - [3] Marlene van Niekerk
13. Watter literêre prys wen Loftus Marais vir sy debuutbundel?
- [1] Die Protea-prys
  - [2] Die Hertzog-prys
  - [3] Die Akademie vir Kuns-prys
14. In watter bundel publiseer Loftus Marais sy eerste gedigte?
- [1] *Nuwe stemme 3*
  - [2] *Nuwe gedigte 6*
  - [3] *Nuwe stemme 2*
15. Wat is NIE een van die bundelkenmerke van Loftus Marais se debuutbundel NIE?
- [1] ouer tradisies word uitgedaag
  - [2] epiese verse domineer
  - [3] die alledaagse ervaring word beklemtoon

#### LEEREENHEID 4

16. Waarmee eksperimenteer Ronelda Kamfer as tienerjarige?
- [1] dobbelary
  - [2] dwelms
  - [3] visuele kuns
17. Waaruit put Ronelda Kamfer inspirasie?
- [1] populêre musiekvorme soos rap
  - [2] klassieke musiek
  - [3] boeremusiek
18. Wat is die titel van Ronelda Kamfer se tweede digbundel?
- [1] *Noudat slapende honde*
  - [2] *Stil katte*
  - [3] *grond/Santekraam*

19. Wat is NIE 'n kenmerk van Ronelda Kamfer se poësie NIE?

- [1] die ontginning van natuurbeelde
- [2] toeganklike praatstyl
- [3] gebruik van niestandaardvorme van Afrikaans

20. Elisabeth Eybers is 'n meesterlike beoefenaar van watter vaste versvorm?

- [1] villanelle
- [2] sonnet
- [3] haikoe

## LEEREENHEID 5

21. Waarheen onderneem die Afrikaanse digter C. Louis Leipoldt 'n skeepsreis?

- [1] Jamaika
- [2] Indonesië
- [3] Madagaskar

22. Wat verteenwoordig die strandjutwolf in N.P. van Wyk Louw se gedig "Die strandjutwolf"?

- [1] die verwoesting van die natuur deur die mens
- [2] 'n onheilspellende mag
- [3] vrede

23. Die titel van 'n spesievers dui gewoonlik die \_\_\_\_\_ van 'n spesie aan.

- [1] herkoms
- [2] volksnaam
- [3] wetenskaplike naam

24. Watter digbundel staan ook bekend as Johann Lodewyk Marais se "voëlboek"?

- [1] *In die bloute*
- [2] *Diorama*
- [3] *Aves*

25. Watter Afrikaanse digter is 'n produktiewe beoefenaar van die spesievers?

- [1] Bibi Slippers
- [2] Olga Kirsch
- [3] Ina Rousseau

**LEEREENHEID 6**

26. Watter een van die volgende is NIE 'n subgenre van die kortprosa NIE?

- [1] essay
- [2] rondeel
- [3] anekdote

27. Wie het die kortverhaal, "Drie kaalkoppe eet tesame", geskryf?

- [1] Jan Rabie
- [2] Etienne Leroux
- [3] André P. Brink

28. Die Sestigters was aan die voorpunt van 'n nuwe ontwikkeling in die Afrikaanse letterkunde wat gelei het tot groter bewustheid van die sosiaal-maatskaplike onregte in Suid-Afrika. Hierdie ontwikkeling staan bekend as:

- [1] eksistensialisme
- [2] betrokke literatuur
- [3] absurde teater

29. Wat is Mia, die hoofkarakter in *Die dag toe ek my hare losgemaak het*, se tweede naam in die verhaal "Free-range whole bird"?

- [1] Willemien
- [2] Ragel
- [3] Liam

30. Dunn en Morris (1995) identifiseer vyf wyses waarop die verhale in 'n kortverhaalsiklus met mekaar kan skakel. Watter een van die volgende word NIE deur Dunn en Morris genoem NIE?

- [1] ruimte
- [2] 'n enkele protagonis
- [3] taalgebruik

**WERKOPDRAG 01 (S2) TOTAAL: [30]**

# WERKOPDRAG 02 (S2)

Vir doeleindes van **Werkopdrag 02** (semester 2), moet jy **AL** die volgende vrae beantwoord wat oor **leereenhede 1, 2 en 3** handel. Die voorgeskrewe tekste is op **e-reserwes** beskikbaar (<http://oasis.unisa.ac.za/search/r>). Die punteverdeling is soos volg:

**Leereenheid 1:** 15 punte

**Leereenheid 2:** 50 punte (essay)

**Leereenheid 3:** 15 punte

Die groot totaal vir Werkopdrag 02 is dus **80 punte**

**Sperdatum: 9 September 2018**

**Unieke nommer: 734283**

## LEEREENHEID 1

### Vraag 1.1

Lees op oor die volgende subgenres van die populêre fiksie en verskaf 'n kort definisie van elkeen. (Vermeld die bronne wat jy gebruik het om hierdie definisies te vind!) Gee ook een voorbeeld van 'n Afrikaanse boek uit elke genre.

- |                            |     |
|----------------------------|-----|
| 1.1.1) Wetenskapfiksie     | (2) |
| 1.1.2) Riller ("thriller") | (2) |
| 1.1.3) Christelike roman   | (2) |
|                            | [6] |

### Vraag 1.2

Verduidelik die verskil tussen "fiksionaliteit" en "fiktiewiteit" in jou eie woorde. [4]

### Vraag 1.3

Die taalgebruik in 'n literêre teks dwing die leser om nie net te fokus op WAT gesê word nie, maar ook HOE dit gesê word. Lees "Skoppensboer" deur Eugène Marais (beskikbaar op e-reserwes) en beantwoord die volgende vrae:

- 3.1) Gee twee definisies van die titelwoord, "Skoppensboer". (Wenk: soek dit in 'n verklarende Afrikaanse woordeboek op indien nodig.) (2)
- 3.2) Verklaar die beeld: "Alreeds begint die rimpel sny" (strofe 3, reël 23). (1)

- 3.3) Die gedig is vol teenstellings van positief en negatief. Haal een so 'n teenstelling aan. (1)
- 3.4) Verduidelik die laaste vier reëls van die gedig in jou eie woorde: “Dus onverlee / lag ons maar mee / met elke toer / van Skoppensboer!” (strofe 4, reëls 41-44). (1)

[5]

Leereenheid 1: Subtotaal: **[15]**

## LEEREENHEID 2

Skryf 'n essay van 1200-1500 woorde waarin jy die volgende epiese elemente (“verhaalelemente”) bespreek aan die hand van “Die ballade van Robbie de Wee” deur Deon Meyer: gebeure, karakter, tyd, ruimte, fokalisator/verteller en tema. Die verhaal is op e-reserwes beskikbaar.

### Bestudeer die onderstaande riglyne deeglik vóór jy met jou essay begin:

- Lees weer afdeling 2.6 in die studiegids (“Die geaardheid van prosa: 'n goeie storieverteller”) om jou geheue ten opsigte van die verhaalelemente te verfris. Onthou egter: Die besprekings in die studiegids dien slegs as 'n vertrekpunt. Jy sal geen punte kry indien jy alles wat in die studiegids staan oorskryf nie.

**BELANGRIK:** Jou essay moet aan al die vereistes van 'n goeie essay voldoen. Raadpleeg asseblief Bylaag A: “**Riglyne vir die skryf van literêre essays**”, wat agterin hierdie studiebrief verskyn. Die dokument is ook elektronies beskikbaar onder “Additional resources” op myUnisa.

- Jy moet ten minste **TWEE** addisionele sekondêre bronne (byvoorbeeld akademiese artikels, resensies, koerantberigte ens.) op 'n sinvolle manier by jou essay betrek. Dit beteken dat die standpunte van literêre kritici, resensente en navorsers moet bydra om jou argumente te ondersteun.
- Jou essay moet oor 'n volledige en korrekte bibliografie beskik en alle inteksverwysings moet korrek volgens die Harvard-metode aangedui word. Raadpleeg asb. die dokument getiteld “Abridged referencing for students”. Die dokument is beskikbaar onder “Additional resources” op myUnisa.
- Geen vorm van plagiaat sal geduld word nie. Jy sal 0% kry indien jy woordeliks uit ander bronne (insluitend die studiegids) oorskryf. Onthou: die feit dat jy die korrekte bronverwysings verskaf beteken nie dat jy alles summier uit hierdie bronne kan oorskryf nie!
- Ons beveel **STERK** aan dat jy jou aangewese e-tutor kontak vir hulp. Jy kan die e-tutors versoek om kommentaar te lewer op die eerste weergawe van jou essay sodat jy jou finale weergawe kan verbeter.

**Waarskuwing:** Wees versigtig vir allerlei eksterne platforms wat “studieondersteuning” aan Unisa-studente bied. Dikwels het hierdie platforms geen affiliasie met Unisa nie. Gebruik eerder die amptelike Unisa-ondersteuningskanale, soos jou e-tutor. Die e-tutors is professioneel opgelei en beskik oor die nodige kwalifikasies om jou op ’n sinvolle wyse by te staan – maak asb. van hulle dienste gebruik.

- Jou essay sal streng volgens die onderstaande assesseringsrubriek nagesien word. Dit is belangrik dat jy op die assesseringskriteria let en jou essay hiervolgens beplan:

<b>Kriterium:</b>	<b>Punt:</b>
<p><b>Inhoud</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>▪ Die student se argumentering is relevant tot die gegewe onderwerp (die student antwoord wat gevra word).</li> <li>▪ Die student beantwoord die vraag volledig.</li> <li>▪ Die student bied genoegsame en relevante bewyse (voorbeelde) uit die teks aan om sy/haar argumente te ondersteun.</li> <li>▪ Die student formuleer argumente op ’n logiese, oortuigende en helder wyse.</li> <li>▪ Die student wend literêr-analitiese vaardighede op ’n sinvolle wyse aan.</li> <li>▪ Die student maak op ’n sinvolle wyse van relevante primêre en sekondêre bronne gebruik.</li> </ul>	<b>30</b>
<p><b>Struktuur</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>▪ Die essay beskik oor ’n gepaste inleiding, inhoudsparagrafe (“liggaam”) en gevolgtrekking (slot).</li> <li>▪ Die essay beskik oor ’n logiese paragraafstruktuur.</li> <li>▪ Paragrafe vloei logies op mekaar.</li> <li>▪ Verbinders en diskoersmerkers (byvoorbeeld “Eerstens”, “Vervolgens” ens.) word gebruik om paragrafe met mekaar te skakel.</li> <li>▪ Opskrifte en subopskrifte word korrek gebruik.</li> <li>▪ Die struktuur ondersteun logiese argumentasie.</li> </ul>	<b>5</b>
<p><b>Taalgebruik</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>▪ Die spelling, styl en leestekengebruik in die essay is korrek.</li> <li>▪ Die student handhaaf ’n gepaste akademiese register.</li> </ul>	<b>5</b>
<p><b>Verwysings</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>▪ Verwysings in die teks word korrek volgens die Harvard-metode aangedui.</li> <li>▪ Die bibliografie is korrek en goed versorg.</li> <li>▪ Direkte aanhalings en parafrases word korrek gebruik en is goed geïntegreer met die res van die teks.</li> </ul>	<b>10</b>
<b>TOTAAL</b>	<b>50</b>

Leereenheid 2: Subtotaal: **[50]**



**LEEREENHEID 3****Vraag 3.1**

Beantwoord die volgende vrae oor “Relaas van die tuindwerg” van Loftus Marais.

- 3.1.1) Bespreek kortliks waarom “Relaas van die tuindwerg” van Loftus Marais as ’n narratiewe vers beskou kan word. Gee relevante voorbeelde uit die gedig om jou antwoord te ondersteun. [5]
- 3.1.2) Noem en bespreek kortliks enige TWEE uitstaande kenmerke van Loftus Marais se digkuns wat jy spesifiek uit “Relaas van die tuindwerg” kan aflei. Jy moet jou antwoord met voorbeelde uit die gedig staaf. (Wenk: Onthou dit gaan nie hier om die kenmerke van die spesifieke gedig nie, maar om die *kenmerke van Loftus Marais se digkuns* wat jy uit “Relaas van die tuindwerg” moet identifiseer.) [4]
- 3.1.2) Verduidelik waarom die slotstrofe as ironies beskou kan word én toon aan waarteen die speker kritiek uitspreek. [6]

Leereenheid 3: Subtotaal: [15]

**WERKOPDRAG 02 (S2) TOTAAL: [80]**

## 8.7 Ander assesseringsmetodes

Geen alternatiewe assesseringsmetodes word in hierdie module aangewend nie.

## 8.8 Die eksamen

Jy skryf nie 'n "tradisionele" eksamenvraestel (by 'n eksamensentrum) in hierdie module nie. Die vraestel word vervang deur 'n geskrewe/getikte eksamenportefeulje. Jy mag hierdie eksamenportefeulje rustig, op jou eie tyd, by die huis voltooi. Dit word net soos enige gewone opdrag by Unisa ingedien.

**LET WEL!** Jy moet **TEN MINSTE EEN** van die werkopdragte indien om "**eksamentoelating**" te kry. (Dit wil sê, vir jou portefeulje om aanvaar te word.) Ons raai jou egter baie sterk aan om **ALBEI** werkopdragte in te dien. (As jy slegs een van die werkopdragte indien, sal jou semesterpunt baie laag wees en is jou kans om die module te slaag baie skraal!)

Die vrae vir die eksamenportefeulje verskyn hieronder.

*8.8.1 Vrae vir die eksamenportefeulje, Semester 1*

# **SEMESTER 1 (S1) EKSAMENPORTEFEULJE**

**Slegs** vir studente wat vir **semester 1** geregistreer is (Januarie tot Junie 2018).

# EKSAMENPORTEFEULJE (S1)

Vir doeleindes van die **eksamenportefeulje** (semester 1), moet jy **AL** die volgende vrae beantwoord wat oor **leereenhede 4, 5 en 6** handel. Behalwe vir *Die dag toe ek my hare losgemaak het* deur Willemien Brümmer, is alle voorgeskrewe tekste op e-reserwes beskikbaar (<http://oasis.unisa.ac.za/search/r>). Die punteverdeling is soos volg:

**Leereenheid 4:** 15 punte

**Leereenheid 5:** 15 punte

**Leereenheid 6:** 50 punte (essay)

Die groototaal vir die portefeulje is dus **80 punte**.

**Sperdatum: 15 Mei 2018**

**Unieke nommer: 771527** (“Opdrag 3”)

## LEEREENHEID 4

### Vraag 4.1

Beantwoord die volgende vrae oor “OD1” van Ronelda Kamfer.

- 4.4.1) Som kortliks in jou eie woorde op waaroor die gedig “OD1” handel. [3]
- 4.4.2) Een van die kenmerke van Ronelda Kamfer se digkuns is onkonvensionele taalgebruik veral die ontginning van niestandaardvorme van Afrikaans. Haal TWEE voorbeelde aan uit die gedig “OD1” van niestandaardvorme van Afrikaans. [2]
- 4.4.3) Bespreek kortliks waarom “OD1” as ’n narratiewe vers beskou kan word? Verskaf voldoende en relevante voorbeelde uit die gedig om jou antwoord te ondersteun. [6]
- 4.4.4) Verduidelik die beeldspraak in reël 23-24 – “of het die maltrein/gestop”. [2]
- 4.4.5) Waarom kan die laaste twee versreëls as ironies beskou word? [2]

Leereenheid 4: Subtotaal: [15]

## LEEREENHEID 5

### Vraag 5.1

Beantwoord die volgende vrae oor “Krokodil” van Johann de Lange.

5.5.1) Bespreek waarom die gedig “Krokodil” van Johann de Lange as ’n spesievers beskou kan word. Verskaf voldoende en relevante voorbeelde uit die gedig om jou antwoord te staaf.

[8]

5.5.2) Verduidelik hoe die laaste strofe skerp kontrasteer met die res van die gedig én hoe die spreker kritiek uitspreek teenoor die mens se vernietiging van dierspesies.

[7]

Leereenheid 5: Subtotaal: **[15]**

## LEEREENHEID 6

Skryf ’n essay van 1200-1500 woorde waarin jy bespreek hoe die eerste en laaste verhaal in *Die dag toe ek my hare losgemaak het* deur Willemien Brümmer mekaar aanvul. Skenk veral aandag aan die temas van psigologiese probleme en familieverhoudings en bring dit in verband met die ander verhale in die bundel.

**Bestudeer die onderstaande riglyne deeglik vóór jy met jou essay begin:**

- Lees weer bl. 225-241 in die studiegids. Onthou egter: Die besprekings in die studiegids dien slegs as ’n vertrekpunt. Jy sal geen punte kry indien jy alles wat in die studiegids staan oorskryf nie.

**BELANGRIK:** Jou essay moet aan al die vereistes van ’n goeie essay voldoen. Raadpleeg asseblief Bylaag A: **“Riglyne vir die skryf van literêre essays”**, wat agterin hierdie studiebrief verskyn. Die dokument is ook elektronies beskikbaar onder “Additional resources” op myUnisa.

- Jy moet ten minste **TWEE** addisionele sekondêre bronne (byvoorbeeld akademiese artikels, resensies, koerantberigte ens.) op ’n sinvolle manier by jou essay betrek. Dit beteken dat die standpunte van literêre kritici, resensente en navorsers moet bydra om jou argumente te ondersteun.
- Jou essay moet oor ’n volledige en korrekte bibliografie beskik en alle inteks-verwysings moet korrek volgens die Harvard-metode aangedui word. Raadpleeg asb. die dokument getiteld “Abridged referencing for students”. Die dokument is beskikbaar onder “Additional resources” op myUnisa.
- Geen vorm van plagiaat sal geduld word nie. Jy sal 0% kry indien jy woordeliks uit ander bronne (insluitend die studiegids) oorskryf. Onthou: die feit dat jy die korrekte

bronverwysings verskaf beteken nie dat jy alles summier uit hierdie bronne kan oorskryf nie!

**NB!** Jy moet betyds 'n voorlopige of eerste weergawe van jou essay per e-pos na jou aangewese **E-TUTOR** stuur sodat hy/sy daarop kan kommentaar lewer en sodat jy jou finale weergawe kan verbeter.

***VIR DOELEINDES VAN DIE EKSAMENPORTEFEULJE IS DIT NIE BLOOT 'N AANBEVELING NIE, MAAR 'N VEREISTE.***

- Stuur jou voorlopige weergawe in PDF formaat na jou aangewese e-tutor nie later nie as **twee weke voor die sperdatum**.
- Jy moet die voorlopige of eerste weergawe – waarop die e-tutor kommentaar gelewer het – saam met die finale weergawe van jou essay indien as deel van jou portefeulje.
- Die nasiener moet kan sien dat jy ag geslaan het op die e-tutor se kommentaar en dat jy jou eerste poging verbeter het. Jy word trouens daarvoor bepunt: **10% van die essaypunt** (sien ondertaande assesseringsrubriek).
- Jou essay sal streng volgens die onderstaande assesseringsrubriek nagesien word. Dit is belangrik dat jy op die assesseringskriteria let en jou essay hiervolgens beplan:

Kriterium:	Punt:
<p><b>Inhoud</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>▪ Die student se argumentering is relevant tot die gegewe onderwerp (die student antwoord wat gevra word).</li> <li>▪ Die student beantwoord die vraag volledig.</li> <li>▪ Die student bied genoegsame en relevante bewyse (voorbeelde) uit die teks aan om sy/haar argumente te ondersteun.</li> <li>▪ Die student formuleer argumente op 'n logiese, oortuigende en helder wyse.</li> <li>▪ Die student wend literêr-analitiese vaardighede op 'n sinvolle wyse aan.</li> <li>▪ Die student maak op 'n sinvolle wyse van relevante primêre en sekondêre bronne gebruik.</li> </ul>	<b>30</b>
<p><b>Struktuur</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>▪ Die essay beskik oor 'n gepaste inleiding, inhoudsparagrafe (“liggaam”) en gevolgtrekking (slot).</li> <li>▪ Die essay beskik oor 'n logiese paragraafstruktuur.</li> <li>▪ Paragrafe vloei logies op mekaar.</li> <li>▪ Verbinders en diskoersmerkers (byvoorbeeld “Eerstens”, “Vervolgens” ens.) word gebruik om paragrafe met mekaar te skakel.</li> <li>▪ Opskrifte en subopskrifte word korrek gebruik.</li> <li>▪ Die struktuur ondersteun logiese argumentasie.</li> </ul>	<b>5</b>

<b>Taalgebruik</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>▪ Die spelling, styl en leestekengebruik in die essay is korrek.</li> <li>▪ Die student handhaaf 'n gepaste akademiese register.</li> </ul>	<b>5</b>
<b>Verwysings</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>▪ Verwysings in die teks word korrek volgens die Harvard-metode aangedui.</li> <li>▪ Die bibliografie is korrek en goed versorg.</li> <li>▪ Direkte aanhalings en parafrases word korrek gebruik en is goed geïntegreer met die res van die teks.</li> </ul>	<b>5</b>
<b>Voorlopige weergawe ingesluit by portefeulje</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>▪ Die student sluit ter bewyslewering 'n eerste weergawe van sy/haar essay by die eksamenportefeulje in waarop 'n aangewese e-tutor duidelik kommentaar gelewer het.</li> </ul>	<b>5</b>
<b>TOTAAL</b>	<b>50</b>

Leereenheid 6: Subtotaal: **[50]**

**EKSAMENPORTEFEULJE (S1) TOTAAL: [80]**

# SEMESTER 2 (S2)

# EKSAMENPORTEFEULJE

Slegs vir studente wat vir **semester 2** geregistreer is (Julie tot November 2018).



## EKSAMENPORTEFEULJE (S2)

Vir doeleindes van die **eksamenportefeulje** (semester 1), moet jy **AL** die volgende vrae beantwoord wat oor **leereenhede 4, 5 en 6** handel. Behalwe vir *Die dag toe ek my hare losgemaak het* deur Willemien Brümmer, is alle voorgeskrewe tekste op e-reserwes beskikbaar (<http://oasis.unisa.ac.za/search/r>). Die punteverdeling is soos volg:

**Leereenheid 4:** 50 punte (essay)

**Leereenheid 5:** 15 punte

**Leereenheid 6:** 15 punte

Die groot totaal vir die portefeulje is dus **80 punte**.

**Sperdatum: 23 Oktober 2018**

**Unieke nommer: 841820** ("Opdrag 3")

### LEEREENHEID 4

Skryf 'n essay van 1200-1500 woorde oor die belangrikste kenmerke van Ronelda Kamfer se digkuns as verteenwoordigend van die Afrikaanse poësie na die millenniumwending. Jy moet ten minste DRIE Kamfer-gedigte in jou opstel analiseer om die belangrikste *kenmerke van Ronelda Kamfer se digkuns* aan te toon.

**Bestudeer die onderstaande riglyne deeglik vóór jy met jou essay begin:**

- Jy kan enige DRIE gedigte van Ronelda Kamfer kies. Dit sluit die gedigte in wat in die studiegids behandel word, maar ook ander gedigte op die e-reserwes wat nie in die studiegids bespreek is nie. Jy sal gepenaliseer word indien jy minder as drie gedigte bespreek.

**BELANGRIK:** Jou essay moet aan al die vereistes van 'n goeie essay voldoen. Raadpleeg asseblief Bylaag A: "**Riglyne vir die skryf van literêre essays**", wat agterin hierdie studiebrief verskyn. Die dokument is ook elektronies beskikbaar onder "Additional resources" op myUnisa.

- Die besprekings in die studiegids dien slegs as 'n vertrekpunt. Jy sal geen punte kry indien jy alles wat in die studiegids staan oorskryf nie.
- Jy moet ten minste **TWEE** addisionele sekondêre bronne (byvoorbeeld akademiese artikels, resensies, koerantberigte ens.) op 'n sinvolle manier by jou essay betrek. Dit beteken dat die standpunte van literêre kritici, resensente en navorsers moet bydra om jou argumente te ondersteun.

- Jou essay moet oor 'n volledige en korrekte bibliografie beskik en alle inteksverwysings moet korrek volgens die Harvard-metode aangedui word. Raadpleeg asb. die dokument getiteld “Abridged referencing for students”. Die dokument is beskikbaar onder “Additional resources” op myUnisa.
- Geen vorm van plagiaat sal geduld word nie. Jy sal 0% kry indien jy woordeliks uit ander bronne (insluitend die studiegids) oorskryf. Onthou: die feit dat jy die korrekte bronverwysings verskaf beteken nie dat jy alles summier uit hierdie bronne kan oorskryf nie!

**NB!** Jy moet betyds 'n voorlopige of eerste weergawe van jou essay per e-pos na jou aangewese **E-TUTOR** stuur sodat hy/sy daarop kan kommentaar lewer en sodat jy jou finale weergawe kan verbeter.

***VIR DOELEINDES VAN DIE EKSAMENPORTEFEULJE IS DIT NIE BLOOT 'N AANBEVELING NIE, MAAR 'N VEREISTE.***

- Stuur jou voorlopige weergawe in PDF formaat na jou aangewese e-tutor nie later nie as **twee weke voor die sperdatum**.
- Jy moet die voorlopige of eerste weergawe – waarop die e-tutor kommentaar gelewer het – saam met die finale weergawe van jou essay indien as deel van jou portefeulje.
- Die nasiener moet kan sien dat jy ag geslaan het op die e-tutor se kommentaar en dat jy jou eerste poging verbeter het. Jy word trouens daarvoor bepunt: **10% van die essaypunt** (sien ondertaande assesseringsrubriek).
- Jou essay sal streng volgens die onderstaande assesseringsrubriek nagesien word. Dit is belangrik dat jy op die assesseringskriteria let en jou essay hiervolgens beplan:

Kriterium:	Punt:
<b>Inhoud</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>▪ Die student se argumentering is relevant tot die gegewe onderwerp (die student antwoord wat gevra word).</li> <li>▪ Die student beantwoord die vraag volledig.</li> <li>▪ Die student bied genoegsame en relevante bewyse (voorbeelde) uit die teks aan om sy/haar argumente te ondersteun.</li> <li>▪ Die student formuleer argumente op 'n logiese, oortuigende en helder wyse.</li> <li>▪ Die student wend literêr-analitiese vaardighede op 'n sinvolle wyse aan.</li> <li>▪ Die student maak op 'n sinvolle wyse van relevante primêre en sekondêre bronne gebruik.</li> </ul>	<b>30</b>
<b>Struktuur</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>▪ Die essay beskik oor 'n gepaste inleiding, inhoudsparagrafe (“liggaam”) en gevolgtrekking (slot).</li> </ul>	<b>5</b>

<ul style="list-style-type: none"> <li>▪ Die essay beskik oor 'n logiese paragraafstruktuur.</li> <li>▪ Paragrafe vloei logies op mekaar.</li> <li>▪ Verbinders en diskoersmerkers (byvoorbeeld “Eerstens”, “Vervolgens” ens.) word gebruik om paragrafe met mekaar te skakel.</li> <li>▪ Opskrifte en subopskrifte word korrek gebruik.</li> <li>▪ Die struktuur ondersteun logiese argumentasie.</li> </ul>	
<b>Taalgebruik</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>▪ Die spelling, styl en leestekengebruik in die essay is korrek.</li> <li>▪ Die student handhaaf 'n gepaste akademiese register.</li> </ul>	<b>5</b>
<b>Verwysings</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>▪ Verwysings in die teks word korrek volgens die Harvard-metode aangedui.</li> <li>▪ Die bibliografie is korrek en goed versorg.</li> <li>▪ Direkte aanhalings en parafrases word korrek gebruik en is goed geïntegreer met die res van die teks.</li> </ul>	<b>5</b>
<b>Voorlopige weergawe ingesluit by portefeulje</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>▪ Die student sluit ter bewyslewering 'n eerste weergawe van sy/haar essay by die eksamenportefeulje in waarop 'n aangewese e-tutor duidelik kommentaar gelewer het.</li> </ul>	<b>5</b>
<b>TOTAAL</b>	<b>50</b>

Leereenheid 4: Subtotaal: **[50]**

## LEEREENHEID 5

### Vraag 5.1

Beantwoord die volgende vrae oor “Die plaag” van Ina Rousseau.

5.5.1) Verduidelik waarom die gedig “Die plaag” van Ina Rousseau as 'n spesievers beskou kan word én in watter opsig die gedig afwyk van ander spesieverse wat ons in leereenheid 5 behandel het. Ondersteun jou antwoord met voldoende en relevante voorbeelde uit die gedig. [10]

5.5.2) Verduidelik die kontraste tussen die Indiese spreekus en 'n ander voëlspekie wat in die gedig ter sprake kom. [3]

5.5.3) Gee TWEE voorbeelde waar die spreker menslike eienskappe aan die Indiese spreekus toeken. [2]

Leereenheid 5: Subtotaal: **[15]**

## LEEREENHEID 6

### Vraag 6.1

Voltooi weer aktiwiteit 7 in leereenheid 6 en lees dan John Miles se kortverhaal “Voorgevoel” (op e-reserwes beskikbaar). Dink jy hierdie verhaal kan beskou word as ’n voorbeeld van betrokke literatuur? Waarom, of waarom nie? Skryf nou ’n paragraaf waarin jy eerstens verduidelik wat bedoel word met “betrokke literatuur” en daarna jou standpunt stel. Staaf jou antwoord met genoegsame voorbeelde uit die teks. [5]

### Vraag 6.2

Skryf ’n paragraaf van ongeveer 250 woorde waarin jy bespreek hoe die verhale “Ons probeer harder” en “Die sneekoningin” in Willemien Brümmer se *Die dag toe ek my hare losgemaak het* by mekaar aansluit en mekaar verryk. Skenk spesifiek aandag aan twee bindingselemente: karakter en tema. [10]

Leereenheid 6: Subtotaal: [15]

**EKSAMENPORTEFEULJE (S2) TOTAAL: [80]**

### 8.8.3 Hereksamens (“supplementary exam”)

Indien jy kwalifiseer vir ’n **HEREKSAMEN** vir AFK2601 (as daar met ander woorde “*Supplementary Exam Departmental Requirements*” langs jou finale punt verskyn het), neem asseblief kennis van die volgende:

- As jy kwalifiseer vir ’n hereksamen, hoef jy nie weer van voor af vir die module te registreer nie.
- Jy moet ’n **VERBETERDE** weergawe van jou eksamenportefeulje inhandig voor/op die volgende sperdatum:

Semester	Sperdatum
As jy vir semester 1 ( <b>S1</b> ) geregistreer is:	<b>6 Augustus 2018</b>
As jy vir semester 2 ( <b>S2</b> ) geregistreer is:	<b>14 Desember 2018</b>

- Jy moet dus die punt wat jy oorspronklik vir die eksamenportefeulje gekry het probeer verbeter ten einde die module te slaag.
- Voltooi asseblief **DIESELFDE** assesseringsvrae as die semester waarin jy oorspronklik geregistreer is. (As jy byvoorbeeld vir S1 geregistreer is, moet jy steeds S1 se vrae beantwoord in die hereksamens – vir ’n totaal van 80 punte.)
- Voeg alles saam in **een PDF dokument**.
- Maak asseblief seker jy voer die instruksies vir die eksamenportefeulje korrek uit. (Vra die dosente indien jy onseker is.)
- Handig die portefeulje via myUnisa in > gaan na die indieningsbladsy van die semester waarin jy oorspronklik geregistreer was. (Die opsie/skakel om te “submit” sal vir hereksamenstudente oop bly.)
- Jy moet ten minste **50%** vir die eksamenportefeulje kry om te slaag.
- Hou in gedagte: Jou jaarpunt word slegs in berekening gebring as dit jou kan help. (Die jaarpunt dra steeds ’n gewig van 45% en die eksamenportefeulje dra ’n gewig van 55%.) As jy dus ’n swak jaarpunt gehad het (vir jou werkopdragte), moet jy ekstra goed vaar in die portefeulje om uiteindelik die module te slaag!
- Ons wil jou dus aanmoedig: Werk hard aan die hereksamenportefeulje, want daar is nie weer ’n volgende geleentheid om die module te slaag nie.
- Kontak asseblief jou dosente vroegtydig vir enige hulp of navrae.

**LET WEL:** Die bogenoemde inligting is slegs van toepassing op studente wat kwalifiseer vir ’n hereksamen (“supplementary exam”) op grond van hul prestasie in AFK2601.

## 9 GEREELDE VRAE

Verwys asseblief na myUnisa (“FAQs”) vir gereelde vrae en antwoorde.

## 10 BRONNE GERAADPLEEG

Nie van toepassing.

## 11 TEN SLOTTE

Ons hoop dat AFK2601 vir jou interessant en verrykend sal wees. Kontak asseblief vroegtydig jou e-tutor of dosente as jy sukkel, of onseker is oor enigiets.

## 12 BYLAE

### 11.1 Bylaag A: Riglyne vir die skryf van literêre essays

# RIGLYNE VIR DIE SKRYF VAN LITERÊRE ESSAYS<sup>1</sup>

## DIE LITERÊRE ESSAY

Die essay<sup>2</sup> kan verskillende vorme aanneem, maar vir die doeleindes van ’n letterkundekursus soos hierdie, word daar van studente verwag om ’n *literêre essay* te kan skryf. Met “literêre essay” (ofte wel “letterkundige opstel”) bedoel ons ’n beredeneerde skryfstuk waarin een of ander literêre werk (soos byvoorbeeld ’n roman<sup>3</sup>, ’n gedig, ’n digbundel, ’n drama of selfs ’n filmdraaiboek) ontleed en krities bespreek word.

**Let wel:** In hierdie geval is “krities” nie sonder meer gelyk aan “negatiewe kommentaar” nie. Literêre “kritiek” beteken bloot dat tekste baie fyn en noukeurig ontleed word – die “goeie” sowel as die “slegte” aspekte.

Die literêre essay is nie ’n blote opsomming van die verhaal, tema of karakters nie. (As iemand wil weet waaroor ’n boek handel, kan hulle dit tog self lees.) In die literêre essay word ’n spesifieke onderwerp of vraag *beredeneer*. Dit vereis eie insig en ’n logiese argument met gepaste teksvoorbeelde ter ondersteuning – alles toegedraai in stylvolle, foutvrye taal<sup>4</sup>.

---

<sup>1</sup> © Neil van Heerden 2016, Departement Afrikaans en Algemene Literatuurwetenskap, Unisa.

<sup>2</sup> “Essay” is ’n aanvaarde Afrikaanse woord (kyk Gouws et al., 2015) en beteken in dié konteks dieselfde as “opstel”.

<sup>3</sup> ’n “Roman” is nie noodwendig dieselfde as ’n romanse (’n liefdesverhaal) nie. Sommige studente raak soms verward, maar onthou: die Engelse woord vir ’n roman is “novel” en dit is een van die belangrikste vorme van prosa in die moderne era.

<sup>4</sup> André P. Brink (1977: 129) bepleit goeie taalgebruik in die essay soos volg: “Te alle tye moet besondere aandag aan taalgebruik bestee word, want stilistiese voortreflikheid is een van die bestaansvoorwaardes van die essay.”

Dit klink soos 'n mondvul. Inderdaad. Die skryf van literêre opstelle is waarskynlik een van die moeilikste vaardighede wat 'n mens op skool en universiteit kan bemeester. Daarom verskaf ons die volgende riglyne om jou te help met die skryf daarvan.

## LEES DIE VOORGESKREWE TEKS

Dit klink miskien voor-die-hand-liggend, maar 'n mens kan kwalik 'n literêre essay skryf as jy nog nie die voorgeskrewe teks gelees het nie. (Dit is amper so absurd soos iemand wat sy huis probeer verf nog voordat die mure gebou is.)

Die literêre teks – die roman, kortverhaal, gedig of wat ook al – vorm die basis van jou bespreking. Maak dus seker jy het die teks ten minste een keer met aandag gelees.

**Wenk:** Dit help om deurgaans notas te maak terwyl jy die teks lees. En moet verkieslik nie jou leeswerk kort voor slaapyd doen nie, want dan is 'n mens vaak en sukkel om te konsentreer!

## DIE ESSAYVRAAG

Nagraadse letterkundestudente (honneurs-, meesters- en doktorale studente) kies dikwels hul eie navorsingsonderwerpe, maar voorgraadse studente hoef gewoonlik nie met 'n vraag vorendag te kom nie – vir hulle word opdragte en essayvrae gegee.

Voordat jy wegspring en vervaard begin skryf, dink mooi na oor die gegewe opdrag of vraag. Maak eerstens seker jy begryp die vraag ten volle. Is daar begrippe waarvan die betekenis vir jou onduidelik is? Sulke begrippe en woorde moet uiteraard eers nageslaan<sup>5</sup> word.

Stel nou vas: Wat presies word hier van jou verwag? Wat is met ander woorde die onderwerp<sup>6</sup> wat jy veronderstel is om te bespreek/beredeneer?

**Belangrik:** Die onderwerp bepaal die fokus van jou essay. Beskou dit van die begin af as 'n soort padkaart of GPS – dit bepaal die koers wat jy gaan inslaan, en verhoed dat jy op allerlei afdraaipaadjies gaan<sup>7</sup>.

<sup>5</sup> By Unisa word sleutelbegrippe gewoonlik in die studiegids behandel. Raadpleeg eers jou amptelike studiemateriaal en 'n goeie verklarende woordeboek, voordat jy elders gaan soek (byvoorbeeld in artikels en op die internet).

<sup>6</sup> Die onderwerp van 'n essay word ook die "probleemstelling", die "navorsingsvraag" of die "tesisstelling" genoem.

<sup>7</sup> 'n Algemene slagkat waarin letterkundestudente vasval is 'n *te wye* fokus. Studente – veral nagraads – moet dus seker maak hul onderwerpe is spesifiek en hanteerbaar. Dit moet immers in die bestek van 'n aantal bladsye of 'n maksimum woordtelling sinvol hanteer kan word.

Bedink die verband tussen die onderwerp en die voorgeskrewe literêre werk. Op watter aspekte van die teks sal jy moet konsentreer om uiteindelik die vraag sinvol te beantwoord?

**Wenk:** Jy kan gerus die essayvraag bestudeer vóórdat jy die voorgeskrewe teks optel en begin lees. Sodoende hou jy die essay deurgaans in die agterkop terwyl jy lees, en is jou oog fyner ingestel.

## STRUKTUUR

Die struktuur van die literêre essay bestaan basies uit drie dele: die inleiding, liggaam en slot. Ons kyk vervolgens na elke onderdeel in meer detail.

### Die inleiding

Die essay begin met 'n sterk inleiding. Soos die woord suggereer, is die inleiding veronderstel om die leser *te lei*. Dit rig die leser se gedagtes en dui aan hoe jou opstel verder gelees moet word.

Die belangrikste funksie van die inleiding is dat dit jou onderwerp en standpunt uitspel. Die onderwerp is jou opstel se “hoofargument”, daardie kernsaak wat jy gaan bewys of beredeneer.

Tweedens dek die inleiding ook begripsverklaring. Hier definieer jy dus enige teoretiese of letterkundige sleutelbegrippe en verduidelik waarom hierdie terme of begrippe van belang is vir jou bespreking.

**Wenk:** Wanneer 'n definisie verskaf word, moet jy onthou om ook die bron te vermeld. Wie het die betrokke begrip só geformuleer en waarom vind jy sy/haar/die definisie bruikbaar?

Die inleiding is ook die plek vir kort, tersaaklike agtergrondinligting. Jy kan miskien iets sê oor die outeur (pryse of toekennings wat hy/sy ontvang het, ander noemenswaardige werke deur dieselfde skrywer), die boek self (publikasiedatum, debuutwerk of nie, deel van 'n reeks of nie), of die konteks ('n oplewing in die gewildheid van hierdie tipe verhaal, huidige literêre tendense) ensomeer.

Wat ook al jy besluit om te sê ter wille van konteks of agtergrond, die wagwoord bly altyd: relevansie. As 'n brokkie inligting onbenullig is, sny dit uit!

**Nota:** Die inleiding kan uit meer as een paragraaf bestaan, maar dit moenie te lank wees nie.



Dink aan jou inleiding as die dek van 'n etenstafel. Jou “gaste” (die lesers) moet 'n “spyskaart” kry sodat hulle weet wat om te verwag (die onderwerp van jou essay). Boonop het hulle “borde, glase en eetgerei” nodig (dit is dinge soos agtergrondinligting, en definisies van sleutelbegrippe). Maar onthou die leser is honger en gretig om by die “hoofmaal” uit te kom – die liggaam van jou argument.

### Liggaam van die essay

Noudat die spreekwoordelike tafel vir jou bespreking gedek is – jy het gesê *wat* beredeneer gaan word in die essay – is dit tyd om argumente en bewyse op die tafel uit te pak. Ons noem hierdie middelste gedeelte die “liggaam” van die essay. D.i. naamlik die inhoudsparagrafe tussen jou inleiding en slot, en dit behels hoofsaaklik argumentering en bewysvoering.

Goeie argumentering en bewysvoering is onmisbare bestanddele van 'n literêre essay. Kom ons kyk vlugtig na die belangrikheid hiervan.

### Argumentering en bewysvoering

Wat doen iemand wat besig is om te argumenteer? Hulle maak sekere stellings en verskaf (hopelik oortuigende!) redes en verduidelikings vir waarom hulle so sê.

Op die keper beskou, is dit presies wat wetenskaplikes en akademici elke dag doen: Stellings of hipoteses word gemaak EN dan gemotiveer met behulp van feite, statistieke, voorbeelde, aanhalings, sekondêre bronne, ensovoorts.

Dit is ook jou missie met die skryf van 'n literêre opstel. Jy het immers een of ander literêre teks gelees en op 'n sekere manier geïnterpreteer. Nou wil jy graag die leser oorreed van jou interpretasie.

Hoe bou 'n mens 'n ooredende argument? Hou eerstens 'n dinkskrum: Maak rofweg 'n lysie van die beste *subargumente* waaraan jy kan dink wat jou *hoofargument* (d.i. die onderwerp van die essay) sal staaf. Plaas hulle in 'n logiese volgorde.

**Wenk:** Mik vir tussen 3 en 5 subargumente; plaas jou sterkste subargument heel eerste of heel laaste, waar dit die meeste trefkrag sal hê.

Wanneer dit kom by argumentering, is logika van kardinale belang. Elke subargument en elke stawende voorbeeld wat jy verskaf, moet op die ou end deurvloei na jou hoofargument.

**Nota:** Jou missie – wanneer jy besig is met literêre kritiek – is amper soos dié van ‘n advokaat in die hof. Jy wil immers die leser van ‘n bepaalde tese oorreed – net soos wat ‘n advokaat poog om die regter of jurie te oorreed van sy/haar kliënt se saak. Die verskil is net dat advokate gebruik maak van forensiese verslae, bewysstukke, ooggetuies ensomeer, terwyl stellings in ‘n literêre essay gestaaf word aan die hand van *voorbeelde uit die teks*.

### **Teksvoorbeelde**

Teksvoorbeelde is daardie “bewyse” wat uit die voorgeskrewe literêre werk<sup>8</sup> gehaal word ter illustrasie of ondersteuning van jou argument. Sulke teksvoorbeelde kan op een van twee maniere in ‘n literêre essay aangebied word:

1. direkte aanhalings (ook “sitate” genoem), of
2. parafrasering.

Direkte aanhaling beteken dat jy woordeliks (verbatim) uit die teks aanhaal. Kortere direkte aanhalings (van ‘n paar woorde of frases) kan in sinne “ingebed” word, terwyl langer aanhalings as “losstaande” paragrawe kan staan<sup>9</sup>. Hoe ook al, wanneer jy direk aanhaal moet jy altyd onthou om die korrekte bladsynommer of reëlnommer (in die geval van gedigte en dramas) in hakies te verskaf.

**Belangrik:** Die blote opeenstapeling van aanhalings is nog nie ‘n behoorlik gekomponeerde paragraaf nie. Dit help nie jy gee net ‘n rits aanhalings omdat dit slim of oulik lyk nie. Jy moet ook duidelik sê waarom dit ter sake is vir jou betoog!

Die tweede manier waarop teksvoorbeelde aangebied kan word, is parafrasering. Parafrasering beteken dat jy iets herformuleer *in jou eie woorde*. Parafrasering is ‘n nuttige tegniek, want ‘n mens kan lang stukke teks meer bondig<sup>10</sup> saamvat. Jy kan byvoorbeeld die storielyn van ‘n lywige roman van meer as 500 bladsye in ‘n paragraaf of twee opsom.

**Wenk:** Om eentonigheid in jou essay te voorkom, kan jy afwisselend gebruik maak van sowel direkte aanhaling as parafrasering.

---

<sup>8</sup> Die “voorgeskrewe werk” is daardie roman, gedig, drama of kortverhaal wat jy met ander woorde besig is om te ondersoek.

<sup>9</sup> In sulke gevalle word die aanhalingsparagraaf dikwels ingekeep en is die lettergrootte effens verklein om dit tipografies te onderskei van die res van jou essay.

<sup>10</sup> Die woord “bondig” beteken kortliks, samevattend.

## Die paragraaf

Verderaan in hierdie dokument beeld ons die struktuur van die literêre essay met behulp van 'n diagram uit. Jóú essay kan egter nie uit boksies en pyltjies bestaan nie. Jy moet 'n reeks netjiese paragrawe skryf wat op hul beurt uit volsinne bestaan. Kom ons kyk hoe lyk 'n goeie paragraaf.

Die algemene vuisreël<sup>11</sup> is dat elke paragraaf een hoofgedagte bevat.

**Nota:** Die rede waarom ons sê “een paragraaf = een hoofgedagte”, is om te verhoed dat jou argumentering in 'n deurmekaarspul ontaard. As jy rond-en-bont spring, en jy bespreek nie een ding op 'n slag nie, sukkel die leser om jou gedagtegang te volg en dan val die logiese struktuur van jou essay plat.

- Begin jou paragraaf met 'n *hoofsin* wat die paragraaf se hoofpunt/kernsaak vervat.
- Skryf dan 'n aantal *ondersteunende sinne* wat voortborduur op jou hoofsin. Saam met die ondersteunende sinne, kan jy stawende voorbeelde uit die primêre teks<sup>12</sup> verskaf en ook verwys na sekondêre bronne<sup>13</sup> soos nodig.
- Sluit jou paragraaf met 'n *skakelsin* af wat die paragraaf se hoofpunt saamvat en weer by die volgende paragraaf aansluit.

Paragrawe moet logies op mekaar volg, by mekaar aansluit en op mekaar voortbou. Ons noem hierdie onderlinge harmonie die “kohesie” en “koherensie” van jou essay.

**Wenk:** Kohesie en koherensie is die onsigbare “gom” wat jou paragrawe aan mekaar bind en jou hele essay bymekaarhou. Gebruik verbindingswoorde soos “dus”, “vervolgens”, “daarbenewens”, “hoewel”, “daarom” en “gevolglik” om sinne/paragrawe saam te bind en struktuur te gee.

## Slot

Die slot (ook bekend as die “gevolgtrekking”) is die finale gedeelte van die essay, en dit behels 'n samevatting van jou hoofargument. Jy kry ten slotte die geleentheid om weer vir oulaas jou saak te stel – om kortliks te sê wat jy nou eintlik in die voorafgaande paragrawe bewys het.

<sup>11</sup> 'n Vuisreël is wat op Engels bekend staan as “a rule of thumb”. Dit is 'n nuttige algemene maatstaf of beginsel waarvolgens iets gedoen word.

<sup>12</sup> Die “primêre teks” is maar net 'n ander woord vir die voorgeskrewe literêre teks.

<sup>13</sup> “Sekondêre bronne” is dit wat ander kenners en kritici oor 'n bepaalde onderwerp te sê gehad het en kan betrek word om jóú argument te versterk. Voorbeelde van sulke bronne sluit in akademiese artikels, hoofstukke in vakkundige boeke, resensies, naslaanboeke, ensomeer.

Maak seker dat jou slot en inleiding “met mekaar praat”. Die leser gaan jou immers hier teen die einde aanspreeklik hou: Het jy regtig gedoen wat jy aan die begin belowe het? Is die essayvraag/onderwerp, wat jy in die inleiding uitgespel het, behoorlik bespreek?

**Belangrik:** Jy mag ongelukkig geen nuwe argumente in die slot opper nie – jy mag slegs vroeër genome argumente saamvat, herhaal of beklemtoon.

## PLAGIAAT

Plagiaat (in Engels: “plagiarism”) is wannneer jy ‘n ander outeur se woorde en idees kopieer s nder om die bron behoorlik te erken. Met ander woorde jy is eintlik besig om oneerlik te wees, want jy “steel” iemand anders se werk (hul intellektuele eiendom) en maak asof dit jou eie is.

Plagiaat is ‘n nare ding wat jy ten alle koste wil vermy, want dit kan jou in die sop laat beland. As jy uitgevang word, kan jy summier 0% kry en in ekstreme gevalle selfs ‘n dissiplin re verhoor in die gesig staar.

Hoe beskerm ‘n mens jouself teen plagiaat?

- Heg altyd die korrekte plagiaatverklaring by jou werkstuk aan<sup>14</sup>.
- Die enigste kere wanneer jy ‘n ander outeur se woorde woordeliks (verbatim) mag weergee, is wanneer jy direk aanhaal. Dan moet jy natuurlik aanhalingstekens (“ ”) en korrekte bronverwysings gebruik.
- Skryf (sover moontlik) in *jou eie woorde*. As jy ‘n ander persoon se idees wil parafraseer, moet jy die formulering heeltemal verander of “vertaal” om by jou skryfstyl te pas. En ook d n is dit nodig om die bron te erken!
- Sien asseblief die hieropvolgende gedeelte oor bronverwysing.

## BRONVERWYSING

Essayskrywers verwys dikwels na sekond re bronne – soos ‘n artikel of ‘n boek wat hulle gelees het – om hul eie argument aan te vul. Akademici doen dit gedurig en dit is heeltemal reg so, maar dan m et ‘n mens die bron behoorlik erken en ‘n volledige bronnelys<sup>15</sup> aanheg. Korrekte bronverwysings is dus ‘n meganisme wat jou en ander teen moontlike plagiaat beskerm.

---

<sup>14</sup> Die plagiaatverklaring is gewoonlik beskikbaar onder “Additional Resources” op myUnisa, of verskyn in die betrokke studiegids. Moet asseblief nie die plagiaatverklaring apart instuur nie – dit moet d el uitmaak van alle werkopdragte en portefeuljes wat ingedien word.

<sup>15</sup> ‘n Ander woord vir ‘n bronnelys is “bibliografie”.

**Onthou:** Studente kry gewoonlik punte vir hul hantering van bronne en bronverwysings in literêre essays. Dit is dus die moeite werd om vertrouwd te raak met die relevante verwysingsmetode.

Gelukkig bestaan daar spesifieke en duidelike riglyne hieromtrent. Elders in die wêreld word die MLA-verwysingsmetode (Modern Language Association) soms in literêre essays gebruik, maar hier ter plaatse (in Suid-Afrika) gebruik ons hoofsaaklik die Harvard-verwysingsmetode.

Studente binne die Departement Afrikaans en Algemene Literatuurwetenskap aan Unisa sal nuttige riglyne vir die Harvard-metode aantref in die dokument getiteld “Abridged referencing for students”. Vra gerus jou dosent daarna of besoek myUnisa en volg die skakel na “Additional Resources” op die betrokke moduleblad.

## TAALVERSORGING

Jou idees en die inhoud van jou essay mag dalk uitstekend wees, maar as die eindproduk vol tikfoute, spelfoute, taalfoute en stylfoute is, skep dit onmiddellik ‘n baie slegte indruk by die nasieners. Jy kan selfs waardevolle punte verloor as gevolg daarvan! Jou essay is dus eers werklik afgehandel wanneer jy dit behoorlik geproeflees en geredigeer het.

**Wenk:** Proeflees jou werk ten minste een of twee keer. En as jy kan, vra iemand anders om ook daarna te kyk, want selfs die beste taalgebruikers is soms blind vir hul eie foute.

## STRUKTUUR (VERVOLG)

In hierdie dokument het ons gekyk na die drie basiese onderdele van ‘n literêre essay: die inleiding, liggaam en slot. Die basiese essaystruktuur kan soos volg uitgebeeld word in diagramformaat<sup>16</sup>:

---

<sup>16</sup> Hierdie struktuur, waar elke subargument en elke paragraaf logies op mekaar voortbou, staan bekend as opvolgende (“sequential thinking”). ‘n Oorredende literêre essay wat op hierdie logiese struktuur geskoei is, is gewoonlik baie suksesvol.

## 1. INLEIDING

- Verduidelik die onderwerp – dit wat in die opstel bespreek of beredeneer gaan word.
- Stel jou standpunt.
- Definieer die sleutelbegrippe (indien nodig).
- Gee kortliks agtergrond en konteks (indien relevant).

## 2. LIGGAAM

SUBARGUMENT 1

Paragraaf 1  
Paragraaf 2  
Paragraaf 3  
Ensovoorts

SUBARGUMENT 2

Paragraaf 1  
Paragraaf 2  
Paragraaf 3  
Ensovoorts

SUBARGUMENT 3

Paragraaf 1  
Paragraaf 2  
Paragraaf 3  
Ensovoorts

[ENSOVOORTS]

## 3. SLOT

- Samevatting van die hoofargument.
- Is die onderwerp behoorlik deurtrap? Vergelyk met die inleiding.
- Implikasies van die essay/navorsingstuk. Wat is bereik?
- [Geen nuwe argumente nie.]

**BIBLIOGRAFIE**

Brink, A.P. 1977. "Skuld en boete" In: *Herinnering se wei: Afrikaanse skrywers oor hulle jeug* (tweede uitgawe), 126-133. Johannesburg: Perskor.

Gouws, R.H. et al. 2015. *Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*, sesde uitgawe. Kaapstad: Pearson.